

JOU GIDS VIR CHRISTUS-GESENTEERDE KEUSES

# «KRUISPAD»

Uitgegee deur die GKSA



Judaïsme

One Crown

Calvyn 500 jaar (einde)

Uitgawe 19

OKT/ NOV/ DES 2010



## DIE PROFETE

"SO SÊ DIE HERE ..."

LEES BINNE:

**Daniël** en sy drie vriende

Die gawe van Profesie vandag

'n Glas Oros saam met die **Gee-jaar's**

R21,95 (BTW ingesluit)



9 77 1998 063001

## HOEKOM is ons hier?

Kruispad is ...

'n eietydse tydskrif met Reformatoriese inhoud, gefokus op aktuele sake, gerig op jong, groeiende gelowiges om toerusting te gee vir die maak van ingeligte keuses wat lei tot geloofsgroei.

## HOE wil ons dit doen?

Deur 'n interaktiewe medium daar te stel wat relevante temas bespreek en jong gelowiges motiveer om die pad van die kruis van Christus te stap en volwasse in die geloof te word, sodat God die eer sal kry en die Kerk opgebou sal word.

## TYDSKRIF INLIGTING

**Posadres:** Posbus 20700, Noordbrug, 2522  
**Tel:** 018 297 3986/7  
**Sel:** 082 392 2093  
**E-pos:** navrae@kruispad.net

**Faks:** 086 656 6745  
**Web:** www.kruispad.net

Uitgegee deur die GKSA

### Rekeningbesonderhede vir donasies:

**Naam van rekening:** GKSA Admin Buro t/a Kruispad  
**Bank:** ABSA  
**Tak:** 632005  
**Rekeningnommer:** 670140040  
**Verwysing:** 0562/KRUISPAD

### Ontwerp: Sunflood Studios

**Tel:** 021 887 4477  
**E-pos:** info@sunfloodstudios.co.za  
**Web:** www.sunfloodstudios.co.za

**Drukkers:** Zero Plus  
**Tel:** 012 333 6712  
**E-pos:** info@zplus.co.za

## Verklaring

Menings uitgespreek in die artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die redaksie nie. Die redaksie behou hom die reg voor van plasing, redigering, verkorting, parafrasing en uitbreiding van die bydraes.

## DIE REDAKSIESPAN

### Redakteur & Subredakteur

Maureen van Helden  
red@kruispad.net

### Assistentredakteur

Lize Viljoen  
kantoor@kruispad.net

### Gee-jaar

Brahm Robinson  
geejaar@kruispad.net

### Interaksie & GIGS

Dirkie Steyn  
Janien de Kock  
interaksie@kruispad.net

### Webblad

Dirk Kruger  
media@kruispad.net  
web@kruispad.net

### Resensies

Dirk Kruger  
Rynhardt Pretorius  
Wanja Senekal  
resensies@kruispad.net

### Grafies

Sunflood Studios  
-Dian Wessels  
-Mike Cruywagen  
-Karien Bredenkamp  
grafies@kruispad.net

### Aktueel

Santie Lourens  
aktueel@kruispad.net

### Advies & Hulp

Johannes Schickerling  
advies@kruispad.net  
help@kruispad.net

### Sending

Rineé Pretorius  
sending@kruispad.net

### Leefstyl

Juanita van der Merwe  
leefstyl@kruispad.net

### Rubrieke

Edgar Trollip  
rubrieke@kruispad.net

### Kreatief

Chantelle Tredoux  
kreatief@kruispad.net

### Adviseur: Jeugdeputate

Ds. Charl van Rooy  
charl@gkrandburg.org.za

## MEDEWERKERSPAN

Frikkie van Rensburg  
Dr. Jan Lion-Cachet  
Ds. Gerrit Kruger  
Anel Potgieter  
Dr. Victor d'Assonville  
Benito Trollip  
Gee-jaar's 2010  
Sarel Myburgh  
Ds. Hennie van Wyk  
Coreen Robbertze  
Dopper-Tjopper bestuur

## INHOUDSOPGAWE

**Red@Kruispad**

4

**Gee-jaar 2011**

5

**Die ontwikkeling van profesie in die Bybel**

6

**Die gawe van profesie vandag**

8

**Daniël en sy vriende bly getrou**

10

**Hoe gesond is julle verhouding?**

12

**Geopende Deure**

14

**Underground**

15

**Sendinghulp: Judaïsme**

16

**Calvyn 500 jaar (slot)**

18

**Tydlyn**

20

**Kontroversieel: Vampiere**

22

**'n Glas Oros saam met ... Brahm en die Gee-jaar's 2010**

24

**Hulp: Verandering**

26

**Kreatief: This is the truth**

27

**RooiHout: Uitreik**

28

**Die Gee-jaar's se Julie"vakansie"**

29

**Leefstyl: Groepsdruk**

30

**Kompetisie**

32

**Resensies**

34

**Kunstenaarsprofiel: One Crown**

36

**GIGS**

38

**Sêjousê**

39

**Bolandkamp 2010**

40



JOU GIDS VIR CHRISTUS-GESENTEERDE KEUSES  
**«Kruispad»**

## TEKEN IN OP KRUISPAD

- Nuwe intekenaar
- Bestaande intekenaar
- Geskenk vir iemand anders

### Besonderhede van intekenaar

Naam en van .....

Gemeente .....

E-pos .....

Ouderdom .....

### Besonderhede van ontvanger

(indien ontvanger verskil van intekenaar)

Naam en van .....

Posadres .....

..... Poskode .....

Sel no .....

Tel no (huis) .....

Gemeente .....

E-pos .....

### Intekenopsies:

- Hernuwing
- R80 – 4 uitgawes
- R120 – 6 uitgawes

Aantal persone waarvoor ingeteken word:

(Vir groepe van meer as 10 persone geld spesiale tariewe en moet 'n volledige adreslys aangeheg word. Stuur gerus 'n e-pos na inteken@kruispad.net of heg dit aan die intekenvorm)

### Metode van betaling:

- Tjek
- Posorder
- Elektronies
- Kontant
- Ander
- Datum van betaling .....

### Ek het van Kruispad gehoor by:

Naam en van .....

Sel no .....

## Red@Kruispad

Shalom aleichem!\*

Die jaar 2010 is vinnig besig om einde se kant toe te staan. Teen die tyd wat jy hierdie uitgawe lees, is jy of druk besig met jou eindeksamen (sterkte aan al die leerders, matrikulante en studente!), of jy lê dalk al rustig langs die swembad of op die strand besig om die somerson te geniet. Onthou dat God elke oomblik by jou is en jou in sy hand vashou!

Aan die einde van Oktober vier ons Hervormingsdag en kyk ons met dankbaarheid terug na 31 Oktober 1517 toe die kerkhervormer Martin Luther sy 95 stellings teen die deur van die kerk in Wittenberg gaan vasspyker het (gaan wiki gerus Reformation Day of Martin Luther as jy meer hieroor wil uitvind, of as jy meer tyd het, neem die flik Luther uit en kyk dit saam met jou Bybelstudiegroep).

Dan ook, glo dit of nie, is Kersfees al weer om die draai! Kruispad wil elkeen van ons lesers 'n wonderlike Kerstyd toebid. Mag Christus se verlossing vir jou elke dag meer en meer 'n werklikheid word en mag jy verby die krip die kruis raaksien en verby die kruis die leë graf – die eintlike rede waarom God mens geword het en hier op aarde tussen ons kom woon het.

Ons sluit met hierdie uitgawe ons reeks oor die Ou Testament af. Ek hoop jy het die artikels geniet en in die proses sommer baie geleer oor die persone en tydperke in dié deel van die Bybel, maar veral oor God en die manier waarop Hy Homself aan ons openbaar. Stuur gerus voorstelle vir nuwe temas na [red@kruispad.net](mailto:red@kruispad.net) en, as jy lus is om self 'n artikel (of 'n gedig, foto, of enigiets kreatief) in te stuur, stuur dit gerus na [kreatief@kruispad.net](mailto:kreatief@kruispad.net). Geniet hierdie uitgawe, en maak jou oë en ore oop om God elke dag raak te sien en God se stem elke dag te hoor in dit wat met jou gebeur.

### Tot volgende keer!

Maureen  
Soli Deo Gloria!

\* Vrede vir jou!

Stuur jou intekenvorm en bewys van betaling na een van die volgende adresse:

E-pos: [inteken@kruispad.net](mailto:inteken@kruispad.net)  
Faks: 086 656 6745  
Slakpos: Posbus 20700, Noordbrug, 2522

Bankbesonderhede:  
Naam: GKSA-Admin buro t/a Kruispad  
Bank: ABSA  
Takkode: 632005  
Rekeningnommer: 670 140 040  
Gebruik as verwysing: 0562/004/(Naam en van OF Naam van gemeente)

Nadat jou bewys van betaling ontvang is, sal jy die daarop volgende uitgawes ontvang. Terme en voorwaardes geld. Kyk op [www.kruispad.net](http://www.kruispad.net) vir meer besonderhede.

! Posgeld is nie reeds betaal nie. Plaas asseblief die inskrywingsvorm in 'n gefrankeerde koevert en stuur dit na die Kruispad-adres.

«KRUISPAD»



Slaan 'n splinternuwe rigting in...

## WAT?

Ons sê mos G-E-E!  
(maar dalk KRY jy meer as wat jy GEE!)  
'n Jaar van geestelike groei waarin jy toegerus word om die Koninkryk van Christus te help bou deur middel van kommunikasietegnologie.

## HOE?

- Deur 'n groeiproses waarin die volgende elemente sentraal staan:
- Christus, die Woord en dissipelskap
  - Familie (die 'groep')
  - Fun
  - Persoonlike groei / Uitsorteer
  - Lewensvaardighede: bv. bestuur van keuses, verhoudings, tyd, geld, talente
  - Multimedia / Kommunikasie
  - Uitreik

## WIE? Jy!

- as jy meer wil leer van skryf, fotografie, webbladontwerp, DVD-produksie en ander vorme van multimedia;
- as jy die Kerk wil dien met jou gawes op die gebied van multimedia;
- as jy 'n dieper verhouding wil hê met God, jouself, die Kerk en die wêreld.

## HOEKOM? Sommer!

- omdat die wêreld jou nodig het;
- omdat dit lekker is om jonk te wees;
- omdat 'n klomp jongmense saam baie kan doen, baie pret kan hê en vir seker baie kan leer.

## Kontak ons

Brahm Robinson: 018 297 2986/7 | [geejaar@kruispad.net](mailto:geejaar@kruispad.net)  
084 652 8254

## Vir verdere inligting:

[www.gksa.org.za](http://www.gksa.org.za)  
[www.facebook.com](http://www.facebook.com) – Gee-jaar groep  
[www.youtube.com](http://www.youtube.com) – gebruik "geejaar" as trefwoord



«KRUISPAD»



# Die ontwikkeling van Profesie in die Bybel

Frikkie van Rensburg (GK Cachet)

Die woord wat in die Bybel vir "profeet" gebruik word, is *nabi*. Dit beteken "hy wat geroep word." Geroep word deur wie? Deur God! 'n Profeet is dus 'n persoon wat opdrag van God af gekry het om mense te vermaan, te leer en te waarsku. 'n Profeet moes aan die mense sê: "So sê die Here ..."

In die Ou Testament dra 16 van die 39 boeke die naam van 'n spesifieke profeet. Profete was meestal spreekbuise vir God (alhoewel daar soms ook vals profete was), maar deur die geskiedenis van die Bybel is profete soms bloot afgemaak as toekomsvoorspellers en baie mense wou hulle uitsprake nie glo nie. (Dink maar aan profete soos Amos, Jesaja en Jeremia wat vir die volk moes vertel dat Israel en Juda in ballingskap weggevoer sou word!)

## HOE PROFESIE IN DIE OU TESTAMENT ONTWIKKEL HET

Van die begin van die menslike bestaan af was profesie 'n kommunikasiemiddel tussen God en die mensdom. God se boodskap kon mense deur profete bereik en mense kon deur hulle God nader. In die Ou Testament word daar op verskeie maniere na profete verwys en 'n paar ontwikkelingsstadiums kan uitgelig word:

### PREKLASSIEKE PROFESIE

In Lukas 11:50-51 sê Christus: "So is die huidige geslag dan skuldig aan die bloed van al die profete wat

vergiet is van die skepping van die wêreld af: van die bloed van Abel af tot by die bloed van Sagaria, wat tussen die altaar en die tempel doodgemaak is ..." Dit is duidelik dat Christus vir Abel 'n profeet noem. In Hebreërs 11:7 word verder vir ons gesê dat Noag as 'n profeet opgetree het toe hy mense gewaarsku het oor die vloed wat op pad is. Enkele voorbeelde van ander vroeë (preklassieke) profete is Abraham (Genesis 20:7), Aäron (Eksodus 7:1), Mirjam (Eksodus 15:20) en Moses (Numeri 12:1-8).

Met die aanvang van Israel se geskiedenis moes profete ook optree as die leiers van die volk. Moses is seker die beste voorbeeld hiervan.

"So sê die Here ..."

(In die Riggerstyd was Debora so 'n profetiese leier.) Samuel was die laaste profeet wat terselfdertyd as leier opgetree het. Hy was 'n belangrike figuur in die oorgang tot die koningstydperk en sy taak word duidelik in 1 Samuel 3 uiteengesit. Die oomblik toe Samuel egter vir Saul as koning gesalf het, het die rol van die profeet verander van 'n leier na 'n adviseur.

In 1 Samuel word Samuel se diens aan Saul gedokumenteer, en in die gebeure van 2 Samuel word Natan se offisiële administrasie aan Dawid se hof beskryf. Alhoewel ons skaars vir Elia 'n adviseur van koning Agab kan noem, het hy op daardie stadium as mondstuk van

God opgetree. Die preklassieke profete se hoorders was oor die algemeen die konings. Daarom was die boodskappe spesifiek gerig op die omstandighede in die koninklike hof. Hierdie profesieë het gewoonlik bestaan uit 'n woord van bemoediging of waarskuwing aan die koning.

### KLASSIEKE PROFESIE

Die bekendste fase in die Israelitiese profesie staan bekend as die klassieke profesie. Die profetiese boeke van die Bybel is almal 'n versameling van die Godsprake van die klassieke profete. Hierdie tydperk het in die agtste eeu v.C. tydens die regering van koning Jerobeam II in die Noordryk van Israel begin. Amos en Hosea is die vroegste voorbeelde van profete in die Noordryk, terwyl Miga en Jesaja die eerste klassieke profete in die Suidryk van Juda was. Alhoewel baie van die klassieke profete aangehou het om die koning aan te spreek, was die meeste van die Godsprake aan die volk gerig. Soos die preklassieke profete God se agenda vir die konings bekend gemaak het, het die klassieke profete die agenda van God vir die mense bekend gemaak. Gevolglik het hulle sosiale, geestelike kommentators geword.

Die klassieke profete het dit wat in die toekoms sou gebeur aan die mense bekend gemaak. As 'n mens hierdie punt met ander gelowe in Israel se tyd vergelyk, kan jy sien dat God 'n langtermynplan het. In die ander kulture was daar geen soewereine God nie, en ook geen plan (of profesieë) nie.

In die tweedelaaste hoofstuk van die Ou Testament is daar 'n mooi voorbeeld waar God die toekoms aan die mense bekend maak. Deur Maleagi sê God self dat Jesus

Christus (die groot Priester, Profeet en Koning) na die aarde sal kom om vir die uitverkorenes se sondes te sterf: "Ek gaan nou my boodskapper stuur, Hy sal die pad voor My uit regmaak, en dan sal die Here na wie julle soek, skielik na sy tempel toe kom. Ja, die Verbondsengel na wie julle met soveel vreugde uitsien, gaan nou kom, sê die Here die Almagtige," (Maleagi 3:1).

Die Ou Testament is vol profesieë dat Jesus Christus na die aarde sou kom. Christus sê self in Lukas 24:44: "Dit is die betekenis van die woorde wat Ek vir julle gesê het toe Ek nog by julle was, naamlik dat alles vervul moet word wat in die wet van Moses en in die profete en psalms oor My geskrywe is."

### DIE VERKEERDE VERSTAAN VAN PROFESIE

Daar is veral twee groepe wat baie aandag lê op die werk wat die profete gedoen het wat kan lei toe 'n verkeerde verstaan van die doel van die profete:

### LIBERALE TEOLOË

Hier word die boodskap van die profete aan die sosio-ekonomiese en politieke sfeer gekoppel. Die hoofstroom en evangeliese vlerk van die kerk gebruik veral hierdie fokus. Rykdom, armoede en ekonomiese probleme wat deur die profete aangespreek word, ontvang spesiale aandag. Dit is 'n belangrike fokus omdat so baie van die ekonomiese onderdrukking so belangrik was vir baie profete en vandag steeds radikaal deel van ons lewens is.

### FEMINISME

Hier word die profete ook vanuit 'n spesifieke perspektief bestudeer. Die klem word veral geplaas op die belangrike rol wat vroue gespeel

het en die onregte wat hulle in hul daaglikse lewe en in hul diens aan die Here moes verduur. Daar sal byvoorbeeld veral op die werk van Debora in die Riggerstydperk gefokus word.

### IS DAAR VANDAG NOG PROFETE?

Wat doen jy as iemand vandag na jou toe kom en sê: "Die Here het vir my gesê die volgende gaan in die toekoms gebeur." Die beste voorbeeld wat ons vandag van sogenaamde profesieë het, is die voorspellings wat oor die jaar 2012 gemaak is en die bewering dat die wêreld dan tot 'n einde sal kom. Hoe nou gemaak? Moet ons dit glo?

Dit is belangrik om te onthou dat die profetiese uitsprake in die Bybel die geïnspireerde Woord van God is. Daarom moet ons dit wat mense vandag "profeteer" aan die Woord van God meet. Lukas 24:36 sê die volgende: "Maar niemand weet wanneer daardie dag een uur kom nie, nie die engele in die hemel nie en ook nie die Seun nie. Net die Vader weet dit." Gemeet aan die Woord, kan mens hierdie voorspellings glo? Nee! Want slegs die Vader weet wanneer die wêreld tot 'n einde sal kom.

God het aan ons die kennis gegee wat ons nodig het om ons voor te berei op die Wederkoms. Hy het dit nie nodig geag om aan ons al die kennis te gee nie, maar ons kan sonder vrees uitsien na die dag waarop God ons gaan bevry van die sonde en die dood. Dié dag waarop die laaste profesieë vervul sal word en ons, sy kinders, die Ewige lewe sal ingaan. «»

## DIE PROFETE VAN DIE OU TESTAMENT

In die Ou Testament is daar 'n hele klomp bekende profete. Onder hulle is daar mense soos Jesaja, Jeremia, Esegïel en Daniël. Hulle word groot profete genoem, omdat hulle meer as die ander profete geskryf het. Die klein profete is onder andere Hosea, Joël, Amos, Obadja en Miga.

Die Here het op 'n baie besondere manier met hierdie profete gepraat. Ons weet nie altyd presies hoe nie, maar ons weet wel dat die Here gebruik gemaak het van drome, engele wat die profete op die aarde kom besoek het en dat die Here soms self met hulle kom praat het. Die profete moes dan die boodskap aan die volk gaan oortel deur presies te sê wat die Here gesê het. Somtyds het die Here aan hulle vertel wat in die nabye toekoms of in die jare (of selfs dekades, eeue of millennia) wat kom sou gebeur. Ander kere het die profete met die volk gepraat oor hulle sake van die dag en wat hulle moes doen. Daar was ook tye dat die profete oor dinge in die verlede gepraat het, wat nie onder die mense bekend was voordat die Here hulle daarvan vertel het nie.

## DIE PROFETE VAN DIE NUWE TESTAMENT

Die profete van die Nuwe Testament se werk het nie baie verskil van die werk van die Ou Testamentiese profete nie. Oor die algemeen is daar aanvaar dat hulle ook iets oor die toekoms, die hede of die verlede aan mense moes bekend maak.

Toe die Samaritaanse vrou volgens Johannes 4:19 hoor dat Jesus Christus vir haar vertel hoeveel mans sy al in die verlede gehad het, het sy dadelik gereageer en gesê: "Meneer, ek sien dat u 'n profeet is." Paulus self het oor die gawe van profesie beskik volgens dit wat hy aan sy jong vriend Timoteus geskryf het: "Moenie die genadegawe wat jy

het, verwaarloos nie. Dit is aan jou gegee deur die profesieë toe die raad van ouderlinge jou die hande opgelê het," (1 Timoteus 4:14).

'n Belangrike vers in die Nuwe Testament wat oor die gawe van profesie praat, is 1 Korintiërs 14:3 "Iemand wat profeteer, rig hom tot mense en praat woorde wat geestelik opbou en bemoedig en vertroos." Volgens hierdie vers is die inhoud van profesie die vermoë om iemand geestelik op te bou, wat niks anders beteken as om iemand te help om sy geloof te versterk nie. Dit behels verder om iemand te bemoedig, wat beteken om iemand deur jou woorde liefdevol aan te moedig, of om iemand te waarsku as hy verkeerd doen, of om iemand te troos! Die betekenis sluit nou bymekaar aan wanneer ons lees dat profesie iemand " vertroos", wat beteken om iemand te kalmeer of gerus te stel. Dit is alles maniere wat die Heilige Gees gebruik om gelowige mense deur profesie aan te spreek.

## PROFETE VANDAG

Die verskillende maniere hoe gelowiges vandag in die geloof versterk word deur ander wat hulle geestelik opbou, bemoedig en vertroos, wys ons hoe belangrik hierdie soort profetiese gawes nog is. Trooswoorde, woorde van bevestiging, waarskuwings en aanmoediging is maniere waardeur die Here sy kerk wil versterk. In die lig hiervan kan ons nie vandag die gawe van profesie verwaarloos nie, en daar is gelowiges wat dit op 'n besondere manier regkry om dit te doen. Daar is gelowiges wat verder oor die gawe beskik om die Bybel helder en duidelik en op die man af in ons huidige omstandighede uit te lê en toe te pas.

Maar dit is ook waar dat die gawe van profesie nie verwar moet word met die gawe van prediking of onderrig nie. Daar is 'n mate van ooreenkomst, maar

Jan Lion-Cachet  
(GK Klerksdorp)



# DIE GAWE VAN PROFESIE VANDAG



die verskil is belangrik. 'n Predikant moet 'n gedeelte uit die Bybel wat wat voorheen reeds bekend gemaak is en dit vir mense vandag verstaanbaar maak. Sy preek is net waar en dra gesag solank as wat dit ooreenstem met die regte interpretasie van daardie betrokke Bybelgedeelte.

Iemand wat egter oor die gawe van profesie beskik soos wat dit in die Ou Testament gebruik is en ooreengekom het met dele van die Nuwe Testament, maak iets nuut bekend. Hierdie gawe van profesie was baie belangrik en uniek aan die volk van God en die vroeë Christene waarvan ons in die Bybel lees. Die eerste Christengemeentes het nog nie 'n Bybel gehad waarna hulle kon teruggaan om te lees wat Jesus Christus gesê en gedoen het nie. Daarom het die Here sy Woord stukkie vir stukkie aan hulle gegee (vergelyk 1 Korintiërs 13:9) totdat hulle ongeveer 100 jaar na Christus die hele Woord van die Here gehad het. Saam met die apostels van die Nuwe Testamentiese tyd was die profete ook deel van die fondament waarop die Here sy kerk gebou het (Efesiërs 2:20). As ons dit só

verstaan, is die gawe van profesie vandag nie langer meer nodig vir die kerk en gelowiges nie.

Vandag het ons die volledige Bybel waarby ons niks meer mag byvoeg of van mag weglaat nie (vergelyk Openbaring 22:19). Dit is genoeg vir ons om te kan glo, en om te gebruik om ander mee te vertroos, aan te moedig en te waarsku (1 Timoteus 3:16). Die profete, saam met die apostels, het 'n eenmalige en unieke behoefte vervul toe die hele Bybel nog nie beskikbaar was nie. Vandag het ons predikante en onderwysers nodig om die Bybel vir ons te verduidelik. Volgens 1 Korintiërs 13:9 & 10 is die doel van profesie om vir ons iets van die toekoms te vertel nou uitgedien. Daar staan: "Want ons ken maar gedeeltelik en ons profeteer maar gedeeltelik, maar wanneer die volledige kom, sal wat gedeeltelik is, uitgedien wees."

Ons kry nie vandag nuwe waarhede waarvan ons nie vroeër geweet het nie. Met die hele Bybel om te lees, het ander profesieë nutteloos geword. Die gedeeltelike boodskap is vervang met die volledige Openbaring van God, die Bybel. «†»

**"Want ons ken maar gedeeltelik en ons profeteer maar gedeeltelik, maar wanneer die volledige kom, sal wat gedeeltelik is, uitgedien wees."**



Gerrit Kruger (GK Centurion)

# DANIËL

## en sy vriende bly getrou

**D**it is darem lekker om vriende te hê. Dit is nog lekkerder om goeie vriende te hê wat alles met jou deel en met wie jy alles kan deel. Ook as daar moeilikheid kom, is dit goed om vriende rondom jou te hê.

In die boek Daniël lees ons van vier vriende wat 'n verskriklike ding oorgekom het. Israel is deur die destydse wêreldoorheersers, die Babiloniërs, ingeval. Hulle koning, Nebukadneser, het gevra dat alle seuns wat jonk, slim en aantreklik was, gevange geneem moes word om opgelei te word in sy paleis.

### DIE ONTVOERING

Daniel en sy drie vriende was maar ongeveer twaalf tot veertien jaar oud. Hierdie vier seuns word saam met honderde ander ontvoer. Dit moes verskriklik gewees het om op so 'n jong ouderdom (in vandag se terme was hulle skoolkinders van ongeveer graad sewe of agt) weggeruk te word van hul ouerhuise.

### IN NEBUKADNESER SE PALEIS

Om opgelei te kon word in Nebukadneser se paleis, moes die jong seuns hulle Joodse identiteit verloor en die Babiloniese taal, kultuur en godsdiens aanleer. Daniël

en sy vriende was slim en reeds baie goed onderrig in die wet van God. Hulle was toegewyde, gelowige, jongmense. Hulle het God liefgehad en met toewyding gedien. Selfs hulle name het besondere betekenis in die Hebreeuse taal gehad, maar die ontvoerders, die Babiloniërs, wou van hulle Babiloniërs maak. Hulle moes alles vergeet wat Joods was, die

taal, kultuur en opvoeding van die Babiloniërs aanvaar, en so koning Nebukadneser dien.

Daarom was daar drie vereistes wat hul onderwysers moes nakom:

- Hulle Joodse name moes verander word en hulle moes Babiloniese name kry.
- Hulle moes van Nebukadneser se paleiskos eet.
- Hulle opleiding moes plaasvind in die taal en volgens die gebruik van die Babiloniërs.

Die naamsverandering:

- Daniël wat beteken "God is my Regter" se nuwe naam was Beltsasar wat beteken "prins van (die god) Bel".
- Gananja wat beteken "die Here is genadig" se nuwe naam was Sadrag, wat beteken "verligte van (die maangod) Rag".
- Misael wat beteken "wie is aan God gelyk?" se nuwe naam was Mesag wat beteken "Wie is gelyk aan Akoe (die god van die aarde)?"
- Asarja wat beteken "die Here het gehelp" se nuwe naam was Abednego wat beteken "dienskneg van Nebo (die god van handel en skryfkuns)".

### REAKSIE OP DIE HEIDENSE OPLEIDING

Aan hierdie naamsverandering kon Daniël-hulle niks doen nie, maar aan die tweede saak kon hulle wel iets doen. Hulle het geweier om van die kos te eet

wat aan die afgod Bel gewy is. Daniël en sy drie vriende het, met die toestemming van die hoofpaleisbeampte, vir tien dae lank net groente geëet en water gedrink. God het hulle geseën en hulle was baie gesonder as die ander jongmense.

In die derde saak, taal en opleiding, het hulle uitgeblink, omdat hulle baie genade en wysheid van God ontvang het.

In alles het Daniël en sy drie vriende God en sy wet nooit vergeet nie. Hulle het getrou gebly aan God en Hom alleen gedien. Hulle het ook telkemale geweier om 'n afgod of die koning te aanbid.

Ons kan onself net indink hoe hulle lewens was. Hulle het in 'n paleis gebly, die beste onderrig ontvang, en hulle is opgevoed in 'n indrukwekkende beskawing met 'n indrukwekkende kultuur. Babel was trouens wêreldheersers. Daagliks is daar vir hulle vertel hoe bevoorreg hulle was. Die beste kos, die beste blyplek, alles net die beste. Die dorp hulle moes geweldig gewees het om te verheidens, om van God en sy gebooie te vergeet en om Babiloniërs te word. Maar hulle het God se gebooie nooit vergeet nie en altyd gedoen wat Hy van hulle verwag het.

### GOD SE SEËN

Daniël en sy drie vriende het geweier om te verheidens en om enigets of -iemand anders as God te dien. God het beskik dat hulle op 'n dieet van slegs groente en water baie gesonder was as die ander jongmense wat lekker geëet het van die koning se beste kos en lekkerste vleis wat aan afgode geoffer was.

God het ook aan hulle wysheid en insig gegee. Ons lees in Daniël 1:20: "In enige saak wat wysheid en insig vereis het en waaroor die koning hulle uitgevra het, was hulle tien maal beter as al die towenaars en voorspellers in sy hele koninkryk."

Daniël in besonder is ryklik deur God geseën. Ons lees in Daniël 1:17: "God het aan hierdie vier jongmense verstand gegee en insig in alles wat geskryf is, en ook

wysheid. Daniël kon enige gesig of droom uitleë."

Koning Nebukadneser het 'n droom gehad. Hy het al sy raadgewers, die towenaars, die voorspellers, die goëlaars en die sterrekykers laat kom om sy droom vir hom uit te lê, sonder om sy droom aan iemand te vertel. Hy het ook gesê dat hy hulle almal sal doodmaak as hulle nie die droom kon vertel en uitleë nie. Daniël het dadelik tot God gebid en God het die droom en die uitleg aan hom bekend gemaak. So het Daniël in die guns van koning Nebukadneser gekom en is hy in belangrike posisies in die paleis aangestel.

Ons lees hierna dat Daniël se drie vriende geweier het om voor 'n goue beeld te buig wat Nebukadneser gemaak het en in 'n brandende vuuroond gegooi is (Daniël 3). Hierdie oond was so warm dat die soldate wat hulle daarin gegooi het, doodgebrand het. Toe koning Nebukadneser, natuurlik van 'n afstand af, in die oond inkyk, het hy gesien dat daar vier manne in die oond rondloop. Dit was Daniël se drie vriende en 'n engel van die Here wat hulle beskerm het. Toe hulle uit die vuuroond kom, was niks aan hulle gebrand of geskroei nie, intendeel, jy kon nie eens ruik dat hulle in die vuur was nie!

Ons lees ook die bekende verhaal van Daniel wat in die leeuuil gegooi is omdat hy aangehou het om tot God te bid (al was dit onwettig) en dat hy sonder 'n skrapie daaruit gekom het.

Verder het Daniel nog baie ander gesigte gesien, en drome en visioene uitgelê. Daniël het vir meer as 80 jaar in Babilon gewoon en het in die hof gedien van ander wêreldheersers soos Darius en Kores (Daniël 6).

### WAT IS MY REAKSIE?

Soos Daniël leef ons vandag ook met baie voorregte. Ons is bevoorreg om in goeie skole onderrig te word. Daar is geleenthede vir almal wat hard werk om aan kolleges

en universiteite te studeer wat van die beste ter wêreld is. Met harde werk kan enigiemand bo uitkom.

Ons elkeen droom van 'n goeie toekomst, 'n goeie werk, ja ons droom selfs van rykdom met 'n eie kar, 'n eie huis, vakansies, en lekker kuiers saam met vriende. Ons kan so maklik so lekker leef dat ons soms vergeet dat alles van God af kom. Trouens, ons kan so maklik met die wêreld begin saamleef en meeleeft. Ons kan so besig raak met ons eie lewens, dat ons nie meer onthou om soos Daniël elke dag ernstig te bid nie.

Vandag het ons die voorreg om elkeen 'n Bybel te hê, ons kan lees hoe groot God is, watter wonderdade Hy gedoen het en nog elke dag doen. Ons kan ook lees hoe Hy wil hê ons moet leef. Daniel is vir ons elkeen 'n voorbeeld van geloof onder moeilike omstandighede. Daar is niks wat ons aandag, ons geloof en ons toewyding van God mag aftrek nie.

Moenie vergeet dat God alles aan jou gee nie. Moenie vergeet dat God jou hemelse Vader is wat elke dag vir jou sorg nie. Moenie ophou om tot God te bid, Hom te dien en te loof nie. Moenie ophou om onder moeilike omstandighede én onder goeie omstandighede altyd naby aan God te bly nie.

God is ons troue hemelse Vader wat altyd vir ons sal sorg, al is die omstandighede hoe moeilik. God is altyd by ons. Daarom kan ons met vertroue lewe en elke dag weet: God sorg vir sy kinders en sal altyd vir ons sorg. «†»



"My God het sy engel gestuur om die bekke van die leeus toe te sluit sodat hulle my niks kon aandoen nie," (Daniël 6).

## HOE GESOND IS JULLE VERHOUDING?

Anel Potgieter  
(GK Rooihuiskraal)

**D**ie mens is nou een maal nie gemaak om alleen te wees nie, daarom soek ons altyd die nabyheid en geselskap van ander mense. Op hierdie ouderdom begin verhoudings vir ons 'n nuwe dimensie te kry. Die belangrikste verhoudings in ons lewens is nie meer eerstens met ons ouers, broers en susters, en dan met vriende by die skool nie. Ons begin nou soek na 'n moontlike lewensmaat, en dit raak opwindend. Ons raak verlief, en die meeste van ons sal deur een of twee ernstige verhoudings gaan voordat ons die persoon sal vind waarmee ons sal trou.

Kom ons wees eerlik, verhoudings is moeilik om te verstaan, en dit vereis harde werk om te laat slaag. Wanneer albei partye werklik in die verhouding belê, is die resultaat 'n vervullende ervaring, en heel moontlik 'n lang saamwees. Maar wat doen jy as jy nie vervul voel in jou verhouding nie? As jou verhouding jou minderwaardig en eensaam laat voel? Is jy dalk 'n slagoffer van emosionele mishandeling?

Emosionele mishandeling? Waarom sal ons in *Kruispad* daarvoor skryf? Is dit nie eerder 'n onderwerp vir getroudes nie? Inteendeel. Die meeste emosionele mishandeling vind juis in semi-permanente verhoudings plaas. Maar moenie geblyf word nie, dit kom ook onder skoolkinders voor, en veral waar een party nog op skool is en die ander veel ouer. Dit kan selfs in vriendskappe voorkom en dis beslis nie net vroue en jongmeisies wat hieronder ly nie. Ook seuns (mans) word mishandel, en ongelukkig is baie meisies (vroue) meesters van emosionele manipulatie. In liefdesverhoudings is ons besonder weerloos teenoor emosionele mishandeling, juis omdat ons ons harte vir die ander persoon oopmaak.

### WAT IS EMOSIONELE MISHANDELING?

Waarvan praat ons nou eintlik? Mishandeling hoef nie net fisieke geweld te behels nie. 'n Verhouding waarin iemand aangerand word, begin selde daarmee. Dit begin omtrent altyd met emosionele vernietiging. Aan die begin is die vuiste nie die wapen nie, maar woorde. Dit is juis wat so 'n verhouding so gevaarlik maak – mense wat emosioneel mishandel word, dink altyd dat dit môre beter sal gaan en dat hulle net harder aan die verhouding moet werk om gelukkig te wees. Die harde werklikheid is dat dit nie so is nie – verhoudings waar een persoon emosioneel afgebreek word, beweeg amper altyd na 'n punt waar geweld deel van die mishandeling word, en eindig dikwels in 'n tragedie.

Die grootste gevaar van verhoudings waarin jy mishandel word, is nie die fisieke skade aan jou lyf nie – wonde en kneusplekke kan genees. Dis die letsels aan jou gees en siel wat lewenslang kan bly. Dis die blywende emosionele skade wat nooit heeltemal genees nie. So 'n verhouding kan jou menswees so vernietig dat jy nooit weer 'n heel mens is nie.

### WAAROM BEËINDIG SLAGOFFERS NIE BLOOT DIE VERHOUDING NIE?

Dalk het jy 'n vriendin wat in so 'n verhouding vasgevang is. Sy het al baie trane by jou gehuil en jou oplossing was eenvoudig: "los hom!" Tog gaan sy elke keer terug na hom toe en jy is al moedeloos.

Die grootste rede waarom iemand in so 'n verhouding bly, is gewoonlik vrees. Die mishandelaar manipuleer die slagoffer met dreigemente van selfmoord, of dreigemente teen die slagoffer of sy/haar familie. Die mishandelaar behou ook beheer oor sy slagoffer deur die persoon se selfbeeld af te breek. Die slagoffer glo dus dat hy/sy nie buite die verhouding kan oorleef nie, en nie goed genoeg is om geluk te verdien nie. Verder word die slagoffer gewoonlik geïsoleer van vriende en familie en kan hy/sy nêrens heen vlug nie.

### HOE WEET EK DAT EK EMOSIONEEL MISHANDEL WORD?

Dalk dink jy dat jy net oorsensitief is, liggeraak is, en dat dit nie so erg is nie. Heel moontlik nie! Kyk na die volgende eienskappe van 'n

siek verhouding en herevalueer jou verhouding:

#### • **Vriende en familie het jou al gewaarsku**

Dit is gewoonlik die eerste en grootste teken. Hier praat ons nie bloot van jou ouers wat nie van jou maat hou nie. Ons praat hier van dringende waarskuwings. Mense het gesê dat hulle vir jou veiligheid vrees. Hulle se dat jy verander het vandat jy in die verhouding is, dat jy nooit meer gelukkig lyk nie, dat hulle kan sien jy word emosioneel deur jou maat afgepers, beledig en gemanipuleer.

#### • **Jy word geïsoleer**

As jou maat onredelik jaloers is op jou vriende en familie, en jou doelbewus keer om met hulle kontak te hê, moet jy 'n rooi lig sien aangaan. Vra vir jouself vroe soos: "Is daar vriende met wie ek lanklaas kontak gehad het as gevolg van my maat? Is my maat kwaad as ek by vriende of familie gaan kuier? Het ek opgehou kerk toe gaan of jeugaksies bywoon omdat my maat nie daarvan hou nie? Lees ek nie meer Bybel nie of bid ek nie meer nie, want my maat het my verbied, of doen ek dit skelm?"

#### • **Jou maat is onredelik jaloers**

Nie net isoleer jou maat jou van ander nie, hy/sy is so jaloers dat jy permanent ingehok voel. Jy word sonder enige rede beskuldig van ontrouheid, wanneer jy uitgaan word jy kort-kort gebel om te hoor waar jy is. Jy het al gewonder of jy agtervolg word. As joufoon lui, moet jy verduidelik met wie jy gepraat het, en waaroor. Jou e-posse en SMS-inbox word nagegaan vir enigiets vreemd wat kan aandui dat jy hom/haar dalk verneuk.

#### • **Jou maat verkleiner jou voor ander of wanneer julle alleen is**

Jy is nie meer seker of dit grappies is nie. Jy begin glo dat jy regtig nie veel werd is nie.

#### • **Jy is altyd skuldig**

Jou maat blameer jou vir alles wat skeefloop, selfs vir sy/haar fout! Wanneer hy/sy in woede uitbars, is dit jy wat hom/haar daartoe gedryf het. Jy kan nooit iets reg doen nie, en jy voel altyd skuldig. As gevolg hiervan het jy jou selfvertroue verloor. Jy is onseker en sukkel om besluite te neem, omdat jy glo dat dit op 'n ramp gaan uitloop.

#### • **Jy is bang vir wat volgende kan gebeur**

Jy is so bang vir jou maat se reaksie dat jy liever stilbly, probeer om die vrede te bewaar en heelyd om verskoning vra al weet jy nie hoekom nie. Jou maat se reaksies op situasies is onvoorspelbaar en soms hou dit glad nie verband met die situasie nie. Jou dag bestaan daaruit om hom/haar gelukkig te hou, en jy hou heelyd asem op vir die volgende woede-uitbarsting. Daar was al dreigemente om jou of iemand na aan jou seer te maak, of dreigemente dat hy/sy selfmoord sal pleeg as jy die verhouding sou beëindig. Julle het al 'n paar maal uitgemaak, waarna jou maat vreeslik om verskoning kom vra het en jou oortuig het om die verhouding te hervat al wou jy nie regtig nie.

As jy enige van hierdie dinge in jou verhouding ervaar, is dit tyd om jou verhouding te herevalueer en daaruit te kom terwyl jy nog kan. As jy met meer as een daarvan kan identifiseer en bang is om uit die verhouding te stap, is jy heelwaarskynlik in 'n baie ongesonde verhouding, of het die verhouding reeds tot emosionele mishandeling gevorder. Jy moet dringend hulp kry. Praat met jou ouers, 'n vriend/in na aan jou, of maak gebruik van die webblaai of nommers in die blokkie regs, maar doen iets! Moenie wag dat dit verder vorder nie, en moet veral nie oorweeg om met die persoon te trou terwyl dit so gaan nie!

Onthou, jy is baie meer werd as dit wat hierdie persoon van jou

maak. God het jou lief, en Hy haat dit om te sien dat jy so seerkry, maar Hy ver wag ook dat jy iets aan die saak sal doen. Vertrou op Hom om jou uit die situasie te lei – maar neem die eerste stap, moenie langer stilbly nie! Moenie langer vrees om die regte ding te doen nie. Praat met iemand wat jy kan vertrou en laat hy/sy jou help om professionele hulp te kry, en om, as dit nodig is, 'n interdik te kry om jou veiligheid te verseker.

Nog iets: moenie maar net spring na 'n volgende verhouding nie – jy is broos en kan maklik die slagoffer word van nog 'n siek mens. Kry ordentlike berading, sodat jy deur die hele krag van die Heilige Gees gesond kan word, en gesonde keuses ten opsigte van verhoudingsmaats kan maak. Sterkte! " "


### EVALUEER JULLE VERHOUDING:

(Antwoord gerus die volgende vrae oor julle verhouding, dit sal jou help om perspektief te kry.)

- Hoe beleef ek hierdie verhouding?
- Wat mis ek in hierdie verhouding? Waarom?
- Wat waardeer ek in hierdie verhouding?
- Voel ek veilig in hierdie verhouding?
- Ervaar ek liefde in hierdie verhouding?
- Moet ek liefde by hierdie persoon verdien?
- Kommunikeer hierdie persoon negatiewe boodskappe oor myself aan my?
- Prys hierdie persoon ooit my goeie eienskappe/talente?
- Probeer ek erkenning by die persoon verdien?
- Watter invloed het hierdie persoon op my selfbeeld?

### WAAR KRY EK HULP?

- [www.lifeline.org.za](http://www.lifeline.org.za) of skakel 0800 150 150
- <http://all4women.co.za/relationships/emotional-abuse.html>
- [www.abuseisnoexcuse.co.za](http://www.abuseisnoexcuse.co.za)





## “Ja, ek is 'n Christen!”

GEOPENDE DEURE

### God sê die volgende vir die profeet Jeremia:

*“Wat Ek jou beveel, moet jy spreek. Wees vir hulle nie bevrees nie, want Ek is met jou om jou uit te red.”*

(Jeremia 1:7-8).

Sameer is 'n dapper, toegewyde Marokkaanse Christen. Toe 'n Westerse paartjie uit die land gedeporteer is, het hulle vir hom 'n ou skootrekenaar gegee en alle inligting daarop verwyder. Byna 'n week na die paartjie se deportasie, het die polisie by Sameer se huis opgedaag. Dit was duidelik dat hulle snuf in die neus gekry het oor sy Christenskap.

Die mans het hom beveel om sy skootrekenaar vir hulle te gee en Sameer het die rekenaar gaan haal. Hy was dankbaar teenoor die Here dat die rekenaar geen inligting daarop gehad het nie en dat sy persoonlike rekenaar op daardie stadium by 'n Christen-vriend van hom was. God het voorwaar voorsien dat daar geen sensitiewe inligting aan die lig gekom het nie.

Die polisie het vir Sameer daar en dan in hegtenis geneem, hom geblinddoek en weggelei. Hy het nie geweet waarheen hulle op pad was nie, maar toe hy die skreeugeluide hoor, het hy aangeneem dat hulle in een of ander marteluis is. Die polisiebeamptes het heeltyd dieselfde vrae aan hom bly vra: “Waarom is jy 'n Christen? Wat het jy teen Islam?” Baie beamptes het hom ondervra, almal met dieselfde doel voor oë; om hom onder druk

te plaas sodat hy sy geloof verloën.

Die polisie het Sameer vir drie dae wakker gehou en net eenvoudig geweier dat hy slaap. Hulle het gehoop dat die aanhoudende lyfstraf en die verlies aan slaap en voedsel hom sou laat ingee. Hy is ook beveel om al sy klere uit te trek, waarna hy met kokende water uit 'n brandslang gemartel is.

Sameer het vertel dat God elke keer vir hom die regte antwoorde gegee het wanneer daar vrae aan hom gevra is. Afgesien van die intense marteling, het hy steeds sterk gestaan in sy geloof. “Ja, ek is 'n Christen, bewys aan my dat ek enige aktiwiteite bedryf wat Islam te na kom,” het hy dapper geantwoord. Hy dien steeds die Here ten spyte daarvan dat hy nog van tyd-tot-tyd geweldige angs ervaar. Hy reis baie en bemoedig die plaaslike Christene wanneer hy hulle besoek.

Elkeen van ons ervaar vrees op verskillende maniere. Vir jou beteken vrees dalk om alleen in die donker te stap of om vir jou ma te sê dat jy haar kar gestamp het. Vir Sameer was dit om te weet of hy nog gaan lewe, maar te midde van sy vrees, het hy sy liefde vir God eerste gestel.

Sameer is maar een voorbeeld van duisende Christene wat wêreldwyd vervolgd word, omdat hulle in Jesus Christus glo. «f»



Vir meer inligting oor vervolgte Christene wêreldwyd, besoek Geopende Deure se webblad by [www.opendoors.org.za](http://www.opendoors.org.za) (of skakel hulle tydens kantoorure by 011 888 5225) en word 'n stem vir jou broers en susters sonder vryheid.



## UNDERGROUND

GEOPENDE DEURE. JEUGBEDIENING

*“Maar daar kom dae, sê die Here my God, dat Ek 'n honger oor die aarde laat kom: 'n honger nie na kos nie, 'n dors nie na water nie, maar om die woorde van die Here te hoor,”* (Amos 8:11).

Hierdie woorde van die profeet Amos laat 'n mens wonder. Hoe kan jy na God se Woord smag as jy elke dag daaruit lees? Miskien lees jy nie so gereeld die Bybel nie, of miskien lees jy net jou gunsteling verse van tyd-tot-tyd. Die feit bly staan; jy hét 'n Bybel. So as jy een het, sal ander Christene ook een hê, reg?

Dimyana is 'n jong verpleegster uit 'n Moslemagtergrond. Al was sy gefassineer deur die Christelike geloof, was daar steeds 'n groot

mate van onsekerheid en verwarring hieroor in haar hart. Sy was desperaat en moes eenvoudig die waarheid leer ken. Een van haar Christen-vriende het vir haar 'n Nuwe Testament gegee, wat net mooi groot genoeg was om in haar sak te pas. Terwyl sy die Bybel gelees het, het sy die Here gevra om Homself aan haar hunkerende siel te openbaar.

God het Dimyana se gebede verhoor en haar hart aangeraak. Sy is vandag 'n geheime gelowige

en woon steeds by haar Moslem-familie. Hulle is salig onbewus van die feit dat sy Jesus Christus as haar Saligmaker aangeneem het.

Soveel van ons Christenbroers en -susters in vervolgte lande smag na die Woord van God. Hulle hunker na die Waarheid, die bevestiging van sy nimmereindigende liefde en vertroosting wat deur sy Woord aan ons geopenbaar word.

'n Bybel in die hande van 'n geheime gelowige is soos 'n waardevolle juweel in jou besit. «f»

## WALK IN THEIR SHOES

*Walk in their shoes* is een van die projekte wat jaarliks deur *Underground* aangebied word, en bestaan uit 'n paar giggelgroen skoenveters met die woorde *Walk in their shoes* daarop gedruk. Die doel van hierdie projek is dat wanneer jy die veters in jou skoene sien, jy aan vervolgte Christene sal dink en vir hulle sal bid. Hierdie veters kos R35

en is gelykstaande aan die koste van 'n Kinderbybel. *Underground* daag jou uit om 'n Bybel te borg vir 'n kind in die Midde-Ooste en sodoende nog jong harte vir Jesus te wen

Vir meer inligting kontak *Underground* tydens kantoorure by 011 888 9341 of stuur 'n e-pos aan [undergroundsa@od.org](mailto:undergroundsa@od.org).





# JUDAÏSME

Rineé Pretorius (Kruispad-redaksie)

Judaïsme is 'n Abrahamitiese geloof, wat beteken dat hulle, net soos Christene, Abraham as hulle aartsvader of patriarg sien. Alhoewel slegs 0.2% van die wêreld se bevolking hierdie geloof aanhang, is hul invloed op die wêreld baie groter as wat 'n mens sou aflei uit die getalle.

Die meeste sekulêre Jode dink aan hul Joodsheid as 'n saak van kultuur of etnisiteit. Wanneer hulle aan hul Joodse kultuur dink, dink hulle aan die kos wat hulle eet, die taal wat hulle praat, die vakansiedae wat hulle onderhou, en hul kulturele waardes soos byvoorbeeld die klem wat hulle op onderrig lê.

Wat die Joodse geloof betref, bestaan daar vandag baie vorme en kan vyf hoofvorme geïdentifiseer word:

- **Konserwatiewe Judaïsme**
- **Humanitiese Judaïsme**
- **Ortodokse Judaïsme**
- **Rekonstruktiewe Judaïsme**
- **Hervormde Judaïsme**

(As gevolg van die beperkte spasie, kan almal ongelukkig nie breedvoerig bespreek word nie.)

Stuur gerus 'n e-pos na [sending@kruispad.net](mailto:sending@kruispad.net) met enige vrae of opmerkings.

## WAT GLO HULLE OOR ...

### DIE MENS?

Hulle glo in die inherente goedheid van die wêreld en sy mense as skepping van God.

### GOD?

Hul godsdienst is monoteïsties. God is 'n enkele, onsigbare entiteit. (Christene is ook monoteïsties, maar sien God as Drie-enig, bestaande uit Vader, Seun en Heilige Gees.) Hulle aanvaar glad nie vir Jesus as die verlosser en Seun van God nie.

### WAT IS HULLE BRON VAN TEOLOGIE?

Hulle gebruik hoofsaaklik die *Tanakh* (wat ooreenstem met die Ou Testament van ons Bybel) en die *Talmoed*.

Die *Tanakh* bestaan uit drie dele, naamlik:

- *Tora*/Die wet: Dit stem ooreen met die eerste vyf boeke van die Ou Testament (Pentateug);
- *Nevi'im*/Die Profete: Dit bestaan uit agt boeke. Joshua, Rigters, Samuel, Konings, Jesaja, Jeremia, Esegjël, en die twaalf profete (Hosea, Joël, Amos, Obadja, Jona, Miga, Nahum, Habakuk, Sefanja, Haggai, Sagaria en Maleagi);
- *Ketuvim*/Die Geskrifte. Dit bestaan uit elf boeke. Psalms, Spreuke, Job, Hooglied, Prediker, Rut, Ester, Klaagliedere, Daniel, Esra-Nehemia en Kronieke.

Die *Talmoed* bestaan uit historiese verhale, wette, mediese kennis en debatte oor morele en etiese kwesies.

### WIE IS HULLE HOOFLEIER OP AARDE?

Hulle het nie 'n enkele leier op aarde nie. Die sinagoge word deur die gemeente regeer en word gewoonlik gelei deur 'n Rabbi ('n leermeester wat onderrig in die Joodse wet en tradisie ontvang het) wat deur die gemeente verkies is.

### SONDE?

Die Joodse geloof aanvaar nie die konsep van erfsonde nie, maar leer wel dat sonde 'n aksie is, nie iets is wat jy in wese kan wees nie. Sonde is enige gedagte, woord of daad wat die wette en gebooie van God oortree of uitlaat.

### VERGIFNIS VAN SONDE?

Vir Jode is dade en gedrag van kardinale belang. Dit stel jou in staat om jou lewe te reinig. Jy kan nader aan God kom deur gebooie en wette te onderhou. Jy moet na die mense toe gaan aan wie jy skade gedoen het, ten einde geregtig te wees op vergifnis. Wanneer jy drie maal opreg en eerlik om verskoning gevra het, het jy jou plig nagekom. Dan moet die persoon teen wie jy oortree het, jou vergewe. Verder word vergifnis gevra deur middel van gebede.

### WAT GEBEUR NA DIE DOOD?

Hulle glo in lewe na die dood (*Olam Ha-Ba*), maar het min leerstellings hieroor. Opstanding uit die dood en reïnkarnasie val albei binne die tradisionele Joodse geloof. Verder glo hulle ook dat God die goeie mense sal vergoed en die res sal straf. Tradisioneel word geglo dat die straf na die dood slegs tydelik is.

Die Joodse geloof is werklik interessant, en ek sal jou sterk aanraai om verder hieroor te gaan lees. Dit is so belangrik dat ons as Christene ingelig moet wees oor die gelowe van die mense rondom ons. So kan ons hulle beter verstaan en weet hoe om na hulle toe uit te reik, hier en ook tot by die uithoeke van die aarde. “†”

GAAN BESOEK GERUS DIE VOLGENDE WEBBLAAIE VIR MEER INLIGTING:

[http://www.religioustolerance.org/jud\\_desc.htm](http://www.religioustolerance.org/jud_desc.htm)  
<http://www.jewfaq.org/qorbanot.htm#Chatat>

# Calvyn 500 jaar (slot)

Victor E. d'Assonville (GK Marble Hall; Akademie für Reformatorische Theologie, Hannover; Instituut vir Klassieke en Reformatoriese Studies, Bloemfontein)

## 'n Franse vlugteling as advokaat vir die Reformasie

**A**s jong gereformeerde geloofsvlugteling beland Calvyn in Straatsburg, 'n Duitse stad (vandag val dit in Frankryk), waar die beroemde Martin Bucer, een van die groot Hervormers, werksaam was. Calvyn se tydjie in Straatsburg sou maar kort wees, maar dit was baie vrugbaar. Belangrike boeke het uit sy pen verskyn en tydens godsdiensgesprekke het hy die Reformasie verdedig. Vir hom was sy plaaslike bediening in die kleinerige gereformeerde gemeente met Franse lidmate egter die belangrikste. Die meeste van hulle moes, soos hyself, uit Frankryk vlug omdat hulle getrou aan die Skrif en gereformeerde belydenis wou bly. Daar het Calvyn hulle weer geleer om psalms te sing. Daar het hy gepreek, vertroos, katekisasie gegee, en vermaan.

### DONKER ONHEILSWOLKE IN EUROPA

Min sou Calvyn kon besef hoe die Here in 1539, die jaar waarin hy 30 geword het, nuwe, donker onheilswolke van 'n groot Roomse aanslag beskik het vir groter take vir hom. Oplaas sou dit skokgolwe veroorsaak wat oor die hele bekende Europese wêreld van destyds sou rol, byna soos 'n nuusberig oor al die belangrikste televisiekanale vandag, met 'n groter impak as enige moderne *blog* of *tweet*.

### 'N GROOT AANVAL TEEN DIE GEREFORMEERDE KERKE

Kom ons begin voor, heelwat vroeër. In 1518 (Calvyn was skaars nege jaar oud), die jaar nadat Luther se beroemde 95 Stellings in Wittenberg die Reformasiewiele aan die rol gesit het, was een van Luther se Roomse teenstanders 'n sekere Jakob Sadoletus. Sadoletus se oomblik van "beroemdheid" sou egter eers 21 jaar later aanbreek. Hy het toe, as biskop van Carpentras met die titel van kardinaal, die opdrag ontvang om 'n brief te skryf van 'n biskopskonferensie

in Lyon (Frankryk). Die uitsluitlike doel? Die vernietiging van die Reformasie. Deur hierdie brief sou Sadoletus bekendheid verwerf. Sy brief was immers 'n "meesterstuk in bedrewe diplomatie". Dié brief was gerig aan niemand anders nie as die stadsraad en burgers van Genève. Die einste Genève wat 'n jaar gelede vir Calvyn en twee van sy kollegas verban het omdat hulle as dominees meer gehoorsaam aan die Woord as aan mense (die stadsraad) was. Die boodskap was duidelik: Genève moet tog maar liewers terugkeer na Rome, hulle kerklike "moeder". Hulle is in die minderheid en kan dus nie reg wees nie. "Val liewers weer in by Rome. Die Kerk (Rome) was nog altyd reg."

### 'N GROOT DILEMMA

Nadat die stadsraad van Genève Sadoletus se brief ontvang het, was hulle verleentheid groot. Wat nou gemaak? Die brief was in pragtige, elegante Latyn. Slegs iemand met ewe goeie vaardighede sou dit kon antwoord. Is die beste Latynkenner van die stad, een van die heel beste van sy tyd (Calvyn), nie pas die vorige jaar deur hulle verjaag nie? Boonop was die inhoud van die brief en die argumente só verlokend dat niemand kans gesien het of in staat was om daarop te antwoord nie. Vir Genève, wat maar drie jaar vantevore eers gereformeerd geword het, was die dilemma groot. Dit was onvermydelik. Sadoletus sou hiermee 'n wig tussen die verskillende groepe in Genève indryf. Skielik was die Reformasie op die spel. Sou Genève verder gereformeerd bly? Vir die twyfelaars en louwarmes – wat daar maar altyd onder ons is – was die versoeking groot om maar die weg van minste weerstand te volg, om maar die stroom te volg, om liewers "in" te wees as om verguis te word of belaglik te lyk.

### GELOOF ALLEEN?

Soos 'n goeie politikus het Sadoletus dit reggekry om die Reformasie verdag te maak. "Deur die geloof alleen" (*sola fide*) was volgens hom nie genoeg nie. Hy gebruik 'n ou bekende tegniek: Verdraai jou teenstanders se standpunt; moenie dit heeltemal ontken nie, stel dit net in 'n slegte lig. Met slim woorde, oënskynlike beroepe op die Skrif en in 'n sagte, vriendelike styl teken hy 'n skewe beeld van die gereformeerde belydenis. Ook die gereformeerde beroep op "die Skrif alleen" (*sola Scriptura*) word deur hom bevaagteken. Net die "kerk" kan besluit hoe die Skrif verstaan moet word; die "kerk" se gesag is immers hoër as dié van die Skrif. Sy roerende pleidooi klink baie oortuigend

– vandag nog. Die kardinaal was immers 'n beroemde geleerde, 'n vooraanstaande kerkleier, 'n charismatiese persoonlikheid wat groot aansien in hoë kringe geniet het. Hy maak 'n emosionele beroep op *liefde* en *eenheid* in die kerk. Terwyl die stadsraad van Genève nie weet waarnatoe nie, kom daar advies vanuit naburige Bern (vandag die hoofstad van Switserland), wat as buurstad verantwoordelik was vir die militêre en politieke beskerming van Genève: Kry vir Calvyn. Net hy kan die kardinaal antwoord.

### ADVOKAAT VIR DIE WAARHEID

Die geskiedenis kan baie ironies wees. Genève, wat Calvyn nog die vorige jaar verban het, word deur Bern – glad nie bekend vir hulle voorliefde vir Calvyn nie – geadviseer om die minste te wees. Hulle moet tog maar die verbanne Calvyn as woordvoerder benoem. En Genève se woordvoerder teen die kardinaal word die hele Reformasie se advokaat teen Rome. Calvyn ontvang nog dieselfde jaar, 1539, as jong teoloog in Straatsburg die amptelike versoek, bykans 'n smeking, van Genève. Hy huiwer, hy is teensinnig. Ná alles ... Onder druk en advies van vriende en geloofsbroers besluit hy om – ten spyte van persoonlike gevoelens – die kardinaal se skrywe te beantwoord. Dit gaan immers oor die eer van die Here, nie oor homself nie. Binne net ses dae skryf hy sy *Responsio* (antwoord). En hierdie "Antwoord" weerklank eeue later tot in die verste uithoeke van die wêreld.

### 'N TOPVERKOPER

In die uitnemendste Latyn is Calvyn se Antwoord op Sadoletus gou 'n topverkoper, een van die beste strydskrifte van alle tye – geniaal in sy skerp deurdringingsvermoë, pakkend in sy eenvoud, aangrypend in die geloofsvertroue wat daaruit straal ... Niemand minder nie as Luther stuur sy gelukwense daarvoor. Die integriteit en geloofwaardigheid, ja, die waarheid van die hele Reformasie word op die proef gestel. Met 'n beroep op die Ou-Testamentiese profete en op die apostels van die Nuwe Testament wys Calvyn dat die Woord die enigste maatstaf is. Hy sê onder meer vir Sadoletus: "U probleem, meneer die kardinaal, is dat u nie die stryd van die gewete ken nie ... u het maar 'n gemoedelike idee van kerkwees en teologie." Na aanleiding van Sadoletus se beskuldiging dat die gereformeerdes die kerk sou skeur, skryf Calvyn: "As dit enigsins waar sou wees dat die gereformeerdes die Bruid van Christus sou verskeur, dan verdien hulle tereg om verwerp te word, máár," só sê hy, "die kerk is slegs een in soverre

dit na Christus se stem luister, sy Woord gehoorsaam." Buite die Woord om is daar nie so iets soos kerklike eenheid nie.


### TWEE OPPONENTE – EEN FOUT

Ná sy verduideliking van kerklike eenheid identifiseer Calvyn die diepste probleem van daardie tyd, eintlik van alle tye, ook vandag. Hy wys daarop dat die gereformeerdes met opponente uit twee rigtings te kampe het, die Roomse kerk en die dweepers, die Wederdopers. In beide gevalle gaan dit oor dieselfde fout. Aan die een kant luister die Roomse kerk nie na die Woord nie; volgens hulle het die kerk die finale sê. Aan die ander kant luister dweepers (die Wederdopers) nie na die Woord nie, maar na hulle eie gevoelens. Volgens hulle sê die Gees binne-in jou wat die waarheid is of wat jy moet doen. Beide kante beledig die Gees, sê Calvyn, want met hulle ongehoorsaamheid aan die Woord maak hulle die Gees en die Woord los van mekaar. Hulle skei die Gees van die Woord. Dit is onmoontlik om te sê die kerk word regeer deur Christus, terwyl die Woord intussen begrawe word. Die Gees het Homself onlosmaaklik aan die Woord gebind.

### VDM – BEDIENAAR VAN DIE GODDELIKE WOORD

Die diskussie tussen 'n kardinaal as hoofdiplomaat van Rome en 'n jong vlugtelingpredikant was nie slegs plaaslik van belang nie. Die Antwoord aan Sadoletus het ver buite die grense van die Reformasie bygedra tot Calvyn se beroemdheid. As klassieke voorbeeld van 'n *apologie* (verdedigingskrif) het dit vinnig die status gekry van een van die beroemdste geskrifte van die Reformasie, en is dit tot vandag toe bekend as een van die mees kompakte en briljante van die reformatoriese belydenis.

Met hierdie uiteensetting van die gereformeerde geloof, waarin die Woord van Christus, die Skrif, altyd die finale woord spreek, is die pad weer oopgemaak. Genève sou Calvyn weer beroep. Hulle het hulle vroeëre fout ingesien. Vir hom sou die beroep swaar wees. Hy skryf aan 'n vriend dat hy liewers "aan die galg (wou) sterf as om na daardie folterpaal" (Genève) terug te keer. Maar as die Here roep, het 'n geroepene nie 'n keuse nie. Dan gaan hy waarheen sy Heer hom roep. In Genève sou Calvyn vir die laaste kwarteeu van sy lewe hom aan Woordbediening wy as 'n VDM, 'n *Verbi Divini Minister*, 'n bedienaar van die goddelike Woord. Maar hieroor miskien 'n ander keer weer meer. «f»



# KONINGS | KRONIEKE | ESRA | NEHEMIA | ESTER | KLAAGLIEDERE

## GROOT PROFETE & KLEIN PROFETE

JAARTAL:	PROFEET (Tydperk van optrede)	BETEKENIS van naam	GEBEURE in Juda en Israel	WÊRELDGEBEURE
900 v.C.				Dido stig Kartago (869 v.C.)
	<i>Jona</i> (860 - 784 v.C.)	Duif		
	<i>Amos</i> (810 - 785 v.C.)	Draer / Belaste		
	<i>Hosea</i> (810 - 725 v.C.)	Verlossing		
800 v.C.	<i>Jesaja</i> (800 - 700 v.C.)	Die Here is my heil		Die eerste Olimpiese Spele word gehou (776 v.C.)
	<i>Miga</i> (758 - 699 v.C.)	Wie is soos die Here		
	<i>Nahum</i> (720 - 698 v.C.)	Troos	Die val van Samaria (722/721 v.C.) onder Assirië.	
700 v.C.	<i>Sefanja</i> (640 - 609 v.C.)	Die Here het weggesteek		
	<i>Jeremia</i> (628 - 586 v.C.)	Die Here grondves		
	<i>Habakuk</i> (620 - 598 v.C.)	Omhels		
	<i>Daniël</i> (606 - 534 v.C.)	God is my regter	Nebukadnesar voer die eerste ballinge weg na Babilon.	Nebukadnesar regeer oor Babilonië (607 - 562 v.C.)
600 v.C.	<i>Esegiël</i> (595 - 536 v.C.)	God is/maak sterk		Kores die Grote (599 of 576 - 530 v.C.)
	<i>Obadja</i> (588 - 583 v.C.)	Kneg van die Here	Die beleg en val van Jerusalem (588/587 v.C.)	
				Confucius leef in China (559 - 476 v.C.)
				Die ontstaan van die Persiese Ryk (559 v.C.) onder Kores die Grote.
				Ballinge word toegelaat om terug te keer en die herbou van die tempel begin (538 v.C.)
				Herbou van die tempel word hervat na 'n tydperk van onderbreking (520 v.C.)
500 v.C.	<i>Haggai</i> (520 - 518 v.C.)	Feesganger	Herbou van die tempel voltooi (515 v.C.)	
	<i>Sagaría</i> (520 - 518 v.C.)	Die Here het onthou		
				Die slag van Marathon (490 v.C.)
				Darius die Grote regeer oor Persië (488 - 486 v.C.)
400 v.C.				Xerxes (Ahasveros) regeer oor Persië (485 - 464 v.C.)
				Die slag van Thermopylae (Xerxes vs. Leon en sy 300 manne, 480 v.C.)
				Ester word koningin van Persië (480 v.C.)
			Esra kondig die wet af (458 v.C.)	
			Nehemia herbou die mure (444 - 433 v.C. en later)	
	<i>Maleagi</i> (436 - 420 v.C.)	Boodskapper van God		
			Alexander die Grote verower dié gebied (332 v.C.)	
	<i>Joël</i> (810 - 200 v.C.)*	Die Here is God		



Jojagin  
Sealtiël  
Serubbabel  
Abihud  
Eljakim  
Asor  
Sadok  
Agim  
Eleasar  
Mattan  
Jakob  
Josef

**CHRISTUS**  
SE GESLAGSREGISTER  
VANAF JOJAGIN TOT BY JOSEF  
(VOLGENS MATTEUS 1)

### PROFETIESE BOEK

### GROOT / KLEIN PROFEET

### BOODSKAP / AARD VAN BOEK

<i>Jesaja</i>	Groot	"Evangeliëse profeet"
<i>Jeremia</i>	Groot	Waarskuwing teen God se oordeel
<i>Klaagliedere</i>	Groot	Word toegeskryf aan Jeremia
<i>Esegiël</i>	Groot	Israel sal herstel word
<i>Daniël</i>	Groot	"Geliefde profeet"
<i>Hosea</i>	Klein	Die profeet en die prostitoot
<i>Joël</i>	Klein	"God se leërmag"
<i>Amos</i>	Klein	Die oordeel is naby
<i>Obadja</i>	Klein	Profesie teen Edom
<i>Jona</i>	Klein	God se oordeel en genade
<i>Miga</i>	Klein	"Wie is soos die Here?"
<i>Nahum</i>	Klein	Waarsku Nineve
<i>Habakuk</i>	Klein	"Al sou die vyeboom nie bot nie ..."
<i>Sefanja</i>	Klein	"Die dag van die Here is naby ..."
<i>Haggai</i>	Klein	Die tempel moet herbou word
<i>Sagaría</i>	Klein	Messiaanse profesieë
<i>Maleagi</i>	Klein	Teregwyding en beloftes

\* Daar is groot onsekerheid oor die presiese tyd waarin Joël opgetree het. Sommige geleerdes plaas hom in die negende eeu v.C. Ander dateer hom ná Maleagi. Gelukkig is die boodskap van enige profeet belangriker as die tyd van sy optrede!

Vir ons volgende uitgawe se Wat-dink-jy-van wil ons graag hoor wat jy dink van Vampiere en die hele fenomeen daarrondom. Word alles uit verband uitgeruk of moet ons versigtig wees? Stuur gerus 'n e-pos aan [red@kruispad.net](mailto:red@kruispad.net) met "vampiere" in die onderwerplyn en.

## VAMPIEREWIET, VAMPIEREWIET STAAN STIL ...

**My prooi is in 'n parkie en  
elkeen het 'n keel,  
Daar's iemand ...  
iemand in 'n huis,  
Daar's 'n mens in elke  
vleuel!**

Ons elkeen het al gewonder: hoe het vampiere ontstaan? Bestaan hulle regtig? Daar is verskeie teorieë rondom die ontstaan van vampiere en vir die mite van vampiere. Sommiges beweer dat vampiere 'n geskiedkundige ontstaan het. Ander gee bewyse van mediese toestande wat meebring dat mense glo hulle moet ander mense se bloed drink om te oorleef. Filosofe skryf die ontstaan van vampiere toe aan die mens se inherente donker geaardheid en hul geneigdheid om dit op iets nie-lewend te blameer. Naas hierdie sielkundige verduideliking bestaan daar ook Sataniese sowel as fiktiewe verduidelikings.

Ek dink ons almal roep dieselfde beeld op as iemand sê *Dracula*. Dis die werk van die skrywer, Bram Stoker, wat die wêreld eintlik bekend gestel het aan vampiere – reeds in 1897 – met die verskyning van sy roman, *Dracula*. Vlad Dracula, 'n prins van Walachye word as die geskiedkundige *Dracula* gesien waarop Stoker sy karakter gebaseer het. (Walachye was vroeër 'n provinsie van Transsilvanië, maar is deesdae deel van Roemenië.) Volgens Roe-

meense geskiedenisboeke was Vlad 'n besondere barbaarse en wrede regeerder wat sy vyande en mense wat verdink is van hoogverraad gekook het en ander mense gedwing het om dit te eet. Hy het mense gedwing om hul eie grafte te grawe en hulle dan onthoof en begrawe. Hy is ook bekend daarvoor dat hy sy vyande met 'n spies deurboor het en hulle lyke daarop laat verrot het. Daar is enkele bronne wat sê dat hy sy vyande se bloed gedrink het. Geen bron het dit egter verbind met vampierisme nie. Dit was heel moontlik 'n simbool dat hy sy vyande se krag absorbeer het. Stoker het per monde van een van sy karakters uitdruklik die vermoede uitgespreek dat Vlad 'n vampier was.

Sataniese verbande wat getrek word, berus op die vergelyking van vampiere met Christus. In Middeleeuse Europa is geglo dat vampiere ontstaan deur middel van hekse – aanbidders van Satan. Dus word vampiere onaanvaarbaar vir God en hulle verafsku heilige voorwerpe soos kruise en kerke. Bloed word in die Christengeloof as 'n simbool van lewe beskou. Jesus het sy bloed as lewegewende krag gegee. In terme van vampiere word hierdie bloed wat Jesus gegee het, gevat. Jesus is 'n bron wat lewe gee waar vampiere lewe neem. Sommige teoretici trek ook 'n verband tussen die spies wat Jesus op die kruis deurboor het en die pen (*stake*) waarmee 'n vampier deurboor kan word.

Wat hierby aansluit is teorieë dat vampiere afstammeling van Kain of

Judas Iskariot is. Kain omdat hy sy broer vermoor het, verban is en volgens die Joodse apokriewe boek, *Enog*, by die demoon, Lilith, demoniese kinders gekry het.

Judas Iskariot het Jesus verrai en selfmoord gepleeg. Selfmoord word gesien as 'n manier hoe iemand 'n vampier word. In 'n verdere mite aangaande Judas Iskariot kan die rede gevind word waarom vampiere verdryf word met silwer, naamlik Judas se aanvaarding van die 30 silwerstukke om Jesus te verrai.

Die sielkundige verbande is die redelikste manier waarop vampiere verstaan kan word. Sommige sielkundiges beweer dat mense hulle eie bose geaardheid en aksies in iets soos 'n vampier vestig. Hulle doen dit met die hoop om dit wat hulle gedoen het self beter te kan verstaan. Die vampier het 'n sielkundige 'swartskaa'p' geword omdat hy verskeie bose elemente en onderdrukte drange simboliseer. 'n Tipiese vampier se persoonlikheid getuig van 'n rebelse, soms antisosiale, seksueel erotiese en geheimsinnige houding.

Ons kan ons eie negatiewe eienskappe projekteer op hierdie vampier en onself sodoende daarvan distansieer en kwytsekeld deur te beweer dat ons nie self hierdie drange uitvoer nie.

Of jy nou dink jy is 'n vampier, of net daarvan hou om die fliks te kyk en boeke daarvoor te lees, geniet dit. Ek hoop hierdie berig het darem vir jou meer lig gewerp op die ontstaan van die donker en geheimsinnige vampier van ouds. «f»

Met die sukses van die *Twilight*-saga en *The Vampire Diaries*, staan ons as Christene voor die vraag: Wat moet ons hiermee maak?

As ons na vampiere gaan kyk, dan sien ons duidelik flitsende rooi ligte. Ons het hier te doen met die dood, die bonatuurlike en 'n donker wêreld. Vampiere is eintlik dood, want hulle harte klop nie meer nie. Hulle drink ook bloed vir krag en om tydelik weer lewe te ervaar. Hulle het 'n natuurlike drang om bloed te drink en hierdie drang kan hulle nie stop nie. Die uiteinde van dit alles? Hulle maak mense dood of byt hulle vir hulle bloed. Saam met die wêreld van vampiere is daar meestal ook seksuele perversiteit en 'n oorgee aan natuurlike drange.

Wat sê die Bybel oor hierdie dinge? Ons lees baie duidelik in die Woord dat God die mens verbied om bloed te drink, al is dit bloed van 'n dier (Levitikus 7:26-27). Die bloed van 'n mens is sy lewe, dit laat die hart klop. Die vampier smag na die mens se lewe, sy bloed:

Satan, wat mag het oor die dood (Hebreeërs 2:14), is die heerser van hierdie wêreld van die vampier wat uit die dood bestaan. Vampiere is self dood en maak mense dood of dreineer hulle van hul lewe. Hulle het 'n drang om dood te maak, want lewe beteken vir hulle niks nie. Dit is ook heeltemal in stryd met die 6de gebod en in kontras met Christus. Christus het die dood en Satan oorwin. Hy is die lewe.

Dit waarvoor vampiere staart, is alles teen die Woord van God. So kan Satan ook hierdie verhale gebruik om vatbare mense te prikkel om meer en meer met die okkulte te eksperimenteer.

Wat dan van die goeie vampiere? Die vraag is eerder: Is daar iets soos 'n goeie moordenaar of 'n goeie dief?

Daar kan nog heelwat oor hierdie onderwerp geskryf word. Moet ons as Christene hierdie fliks en series kyk, of die boeke daarvoor lees? Is hierdie bloot net *entertainment* om te geniet of is dit 'n agterdeur vir die duiwel om ons te beïnvloed? Jy moet toelaat dat die Gees jou lei om te besluit. Pasop net dat jou gesonde (of slegte) obsessie met vampiere en die bonatuurlike nie die plek van Christus in jou lewe inneem nie. Onthou dat elkeen van ons eendag voor God moet staan en verantwoording sal moet doen vir ons dae. Wat gaan jy dan sê? «f»

Dirk Kruger (Kruispad-redaksie)

Beritro Trollip (Kruispad-leser)





# 'n Glas Oros saam met ... Brahm en die Gee-jaar's van 2010.

Santie Lourens (Kruispad-redaksie)

**T**oe ek in die middel van die winter, op 'n besondere warm, Woensdagmiddag by dié span se A-raamhuisie in Potchefstroom opdaag, was ek gewapen met genoeg papier, penne en 'n pak *Quality Street*-sjokolade ... Ek en my pak *Quality Street* word vriendelik ontvang en onmiddellik binnegenooi. Daar word vir my 'n lekker lang glas koue Oros ingegooi, en so, tussen krakende sjokoladepapertjies en lang teue koeldrank, raak ons aan die gesels ...

WAT PRESIES IS GEE-JAAR EN WAAR HET DIE IDEE DAARVAN ONTSTAAN?

**Brahm (B):** Die *Gee-jaar* is 'n diensjaar waarin die studente hulself toerus deur teorie en praktyk om diensbaar te wees in die koninkryk, spesifiek gefokus op jeugwerk. Die idee het gekom vanaf die sinode in 2006. Hulle het opdrag aan die Deputate Jeugsorg gegee om 'n diensjaar vir ons eie jeug te ontwikkel en aan te bied. In 2010 was ons strukture in plek om die eerste studente te laat Gee.

VERTEL MY 'N BIETJIE VAN DIE PROJEKTE WAT JULLE HIERDIE JAAR AANGEPAK HET

Elke naweek vertrek ons na verskillende gemeentes. Daar bied ons 'n program vir die jeug aan. Verder is ons betrokke by die Koningskinders en het ons saam met die teologiese studente op hulle jaarlikse gelowe-toer na Pretoria gegaan waar ons verskillende aanbiddingsentrums van ander gelowe besoek het.

Tydens die Julievakansie was ons op 'n uitreik na Zambië. Ons was ook in Pretoria om waar te neem wat die nood daar is, en wat gemeentes doen om die nood te verlig.

Ander projekte is meer daarop gerig om die studente toe te rus deur multimedia. Ons het KwaMhlanga besoek en gekyk hoe 'n korporatiewe video gemaak word vir MCDC. Verder het ons ook video's om te maak, foto's om te neem en kreatiewe ontwerpprojekte om te doen.

BESKRYF 'N DAG IN DIE GEE-JAAR'S SE LEWE(NS)

Ons begin op Maandag-, Dinsdag- en Donderdagoggende agtuur met 'n klas in teologie. Dit handel oor Bybelboeke en ander temas soos berading, sending, en die Woord. Die klasse is informeel en word aangebied deur dominees en word aangebied deur dominees en profies. Ons moet nie iets voor te berei nie, maar ons praat steeds lekker saam met die dosent oor die werk. Na die klas is daar geleentheid om te werk. Ons is besig om ons eie handboeke saam te stel en ons kry na elke klas notas by die dosent. Ons gebruik dit, asook ons eie notas, om 'n handboek saam te stel wat ons later weer kan raadpleeg. Ander huiswerk wat ons het, is fotografie, toesprake skryf, Bybelstudies uitwerk, kreatiewe ontwerp en video's maak.

Ons het ook sommige aande kreatiwiteitsklasse, en op Maandae het ons Bybelstudie.

Daar is ook baie vrye tyd om jou eie dingetjies te doen soos *chat* en flieks kyk.

Wanneer ek die spanlede vra om elk hulleself in een woord te beskryf, word daar grappenderwys geskerts oor die mate van nederigheid wat in hulle antwoorde behoort te wees. Nietemin het hulle hulself soos volg beskryf:

**Mari (M):** Loud  
**Petrus (P):** Quiet  
**Josef (J):** Intelligent  
**Hannes (H):** Uniek  
**Christiaan (C):** Links  
**Brahm (B):** Tevrede

Ek vra uit na hulle drome en is verras deur die groot verskeidenheid en weldeurdagtheid van die antwoorde:

Petrus wil graag sy droom van *game design* navolg, en hoop om die Woord van God aan kinders te bring deur sy videospelletjies. Josef droom daarvan om mikrobiologie te studeer. Hannes droom om hierdie stadium om in sneeu te kan speel. Christiaan wil graag 'n predikant word, en Mari mik na die onderwys, terwyl Brahm se droom is om eendag 'n gelukkige gesin te hê.

Die vlak van die *Quality Street* in die bak het intussen redelik gesak ...

"Wat is julle gunsteling quotes? ... *uhm*, weet julle almal wat is 'n quote?" wil ek toe weet. "Ja!" klink dit in 'n koor – ek moenie hierdie groep mense se intelligensie onderskat nie ... Sommer vinnig is 'n aantal gunsteling quotes neergepen:

**P:** "Learn to listen and listen to learn."  
**J:** "Keep moving forward!"  
**H:** "Aanhouer wen!"  
**C:** "Wees altyd anders!"  
**B:** "Hoe vinniger jy agter raak met werk, hoe meer tyd het jy om in te haal."

Nou vir die "moeilike" vrae (soos Mari dit raak beskryf):

BESKRYF VIR MY GEE-JAAR IN EEN SIN

"Nét één sin? ... Mag die sin dan vrek baie kommas hê?" wil Hannes weet.

**H:** "Dit is lewensveranderend, 'n grootwoordtyd, 'n leertyd, 'n tyd wat jou die geleentheid bied om visie te kry, en 'n godsdienstige tyd."

**M:** "n Avontuur saam met ander Christen-vriende."

**P:** "It's a fun, spiritual event and very educational."

**J:** "Fantasies, leersaam en ondervindingryk – 'n móét as jy onseker is oor jou toekomsplanne."

**C:** "Niks anders beskryf dit so goed soos: 'Awesome!' nie."

**B:** "Gee-jaar is 'n toerustingjaar, spesifiek gefokus op teologie en multimedia, wat gerig is op naskoolse studente wat graag wil diensbaar wees by die jeug in hulle gemeentes."

WAT WAS VIR JULLE ELKEEN DIE LEKKERSTE OOMBLIK VAN JÓÚ GEE-JAAR ERVARING TOT DUSVER?

**M:** Dit was interessant om 'n kar met vier ouens te deel as ons naweke op kampe gaan.

**P:** *The hiking trails in the Drakensbergs.*

**J:** Zambië-uitreik toe ek vir die eerste keer in 'n vliegtuig gevlieg het.

**H & C:** Toe ons saam met FP en Paul springhase gejag het in Kuruman.

**B:** Zambië-uitreik  
Die *Quality Street* is nou feitlik op ...

WAT BEPLAN JULLE NÓG VIR DIE JAAR – WAAR KAN ONS VERWAG OM DIE GEE-JAAR'S RAAK TE LOOP?

**B:** Sjou, ons gaan besoeke aflê by Secunda, Krokodilrivier, Thabazimbi, twee klassiskampe, Barkley-Wes, Heilbron, Heidelberg, Bloemfontein-Noord, Reddersburg. Laastens gaan ons op die Koningskinderskamp aan die einde van die jaar.

WAT WAS DIE HOOGTEPUNTE VAN DIE JAAR TOT DUSVER?

**B:** Een van die hoogtepunte was die kenmeekaarstaptoer in die Drakensberge. Ek is nie seker hoe hoog ons teen die berg opgeklim het nie, maar ons was definitief nog nie hoër nie. Die uitreik na Zambië was ook beslis 'n hoogtepunt. Ons was ook nog nooit verder noord as dit gewees nie.

Elke keer wanneer ons 'n geleentheid kry om iets prakties toe te pas wat ons geleer het, is dit ook vir ons 'n hoogtepunt. Elke besoek aan 'n gemeente maak dit vir ons lekker om terug te gee wat ons geleer het.

DINK JY GEE-JAAR SLAAG IN SY DOEL?

**B:** Verseker. Daar is baie persoonlike groei by die studente wat die jaar ingeskryf het. Daar word vir hulle geleentheid geskep om diensbaar te wees en om in die Gereformeerde Kerk ook die jeug met hulle gawes te bedien. Dit is ons bedede dat hulle volgende jaar diensbaar sal wees in die gemeentes waarheen die Here hulle roep. Ons sal dan eers werklik die resultate kan sien.

WAARNA KAN TOEKOMSTIGE GEE-JAAR'S UITSIEN?

**B:** 'n Onvergeetlike jaar waarin die Here hulle sal toerus om diensbaar te wees in die koninkryk. Verder kan hulle daarna uitsien om groot dele van die land te sien, en om baie van die jeug van die Gereformeerde Kerk te ontmoet.

Die *Gee-jaar's* van 2010 is ongetwyfeld vyf diverse individue met uiteenlopende agtergronde, belangstellings, drome en persoonlikhede, en dit was 'n onvergeetlike ervaring om 'n bietjie meer uit te vind oor hulle grille, giere, ditjies en datjies ...



"Elke ding het sy vaste tyd, elke ding in hierdie wêreld het sy tyd: daar is 'n tyd om gebore te word, 'n tyd om te sterwe, 'n tyd om te plant, 'n tyd om plante uit te trek, 'n tyd om 'n lewe te neem, 'n tyd om 'n lewe te red, 'n tyd om af te breek, 'n tyd om te bou, 'n tyd om te huil, 'n tyd om te lag, 'n tyd om te treur, 'n tyd om van blydschap te dans, 'n tyd om klippe weg te gooi, 'n tyd om hulle bymekaar te maak, 'n tyd om te omhels, 'n tyd om weg te bly van omhelsing af, 'n tyd om aan te skaf, 'n tyd om te laat wegraak, 'n tyd om te spaar, 'n tyd om weg te gooi, 'n tyd om te skeur, 'n tyd om toe te werk, 'n tyd om stil te bly, 'n tyd om te praat, 'n tyd om lief te hê, 'n tyd om te haat, 'n tyd vir oorlog, 'n tyd vir vrede," (Prediker 3:1-8).

**E**k luister gereeld na my oupa se stories oor die "ou dae". Vertellings oor die inspan van osse by waens, perdekarre en natuurlik wat 'n mens alles met 'n halwe sent kon koop. Terwyl hy so lustig vertel, ping 'n mikrogolf, piep sy selfoon en blêr die satelliet-TV. Dieselfde oupa sit deesdae met selfoon in die hand en SMS, MMS en surf die internet opsoek na iets interessants. Is dit nie verstommend om te dink dat iemand wat gebore is in 'n tyd waar daar net die natuur was, steeds kan cope met al die veranderinge nie?

So beleef ons elke veranderinge deur ons lewens. Nie net op tegnologiese vlak nie, maar in alles: verander van ouderdom, verander van skool, veranderinge in jou liggaam, veranderinge in verhoudings, veranderinge in jou persoonlikheid en emosies. Daar is ook veranderinge wat oor ons pad kom waaroor ons geen beheer het nie: verandering in jou ouers se verhouding, verdwyning van iemand uit jou lewe, verhuis van dorp, ensovoorts. Selfs die Israeliete het

baie verandering gehad. In Egipte in, uit Egipte uit, in Kanaän in, uit Kanaän uit, hongersnood, oorloë, konings wat kom en gaan, selfs gode wat kom en gaan. Al die veranderinge kan dikwels veroorsaak dat ons oorweldig, deurmekaar en moedeloos voel. Inteendeel, hoe bly mens *sane* as alles rondom jou die heeltyd verander?

Daar is baie mense wat nie kan cope met verandering in hul lewens nie. Sommiges raak rebels oor hulle ouers wat verander en skei. Ander trek swart klere aan, luister sad musiek en sny hulself om met veranderende emosies te cope. Daar is dié wat onsigbaar rondsluip deur gange en klasse met die hoop dat niemand die hartseer sien van 'n verhouding wat verbreek is nie. Die krom skouers en pyn op die maag van bekommernisse oor die nuwe skool of werk. Dit kan ons in 'n donker plek laat beland waar alles swart en moedeloos lyk.

Die Israeliete was gelukkig om profete te hê wat advies en rigting kon gee oor watter kant toe nou. Hoewel die profete nie altyd vreugdevolle tydings gebring het nie, inteendeel meestal was die profesieë oor swaarkry, straf, sonde en alles wat 'n mens bang maak, het hulle altyd een ding voor oë gehad. So sê die Here: "Hou op dwaal en kyk na God!" Natuurlik het die Israeliete hulle eie pad gevolg en gesoek na meer menslike oplossings vir hulle kwaal. "As ons maar liever in

Egipte omgekom het deur die hand van die Here terwyl ons by die vleispotte kon sit en oorgenoeg kos kon hê om te eet!" (Eksodus 16:2). So soek ons ook meer menslike oplossings vir ons bekommernisse. "Ek wil terug trek na my ou skool toe, al het hulle my gespot ..."

Die profete het nie net waarskuwings uitgedeel nie, maar die mense gesmeek om hul harte na God te draai. Gevra om te verander sodat hulle kon groei. Verandering is tog 'n teken van groei! Niemand wil nog osse inspan as ons met karre kan ry nie! Lig jou kop op en kyk na bo vir die genade wat jou sal laat aanhou, vir die manna in jou woestyn en die geleentheid om nader aan God te groei.

Daar is wel tye wat ons al té ver in die donker is om om te draai, dit is wanneer ons hulp benodig van vriende en professionele mense. Indien jy sukkel om met alles in jou lewe te cope, kyk na die volgende:

- Praat, praat, praat met iemand wat jy vertrou en wat sal luister.
- Kry 'n uitlaatklep: skryf in jou joernaal, slaan 'n kussing, teken of verf.
- Doen 'n aktiwiteit soos rugby, netbal, gholf, ry fiets, draf of kook.
- Kry ondersteuning by vriende, neefs, niggies, familie, of ouers.
- Besoek jou dokter en kry iets om jou simptome te verlig.
- Kry 'n terapeut wat jou probleme verstaan en jou kan help om *coping skills* aan te leer sodat jy makliker kan groei. «f»

Indien jy worstel met enige probleem (of iemand ken wat met 'n probleem worstel), en nie die vrymoedigheid het om met iemand wat jy ken daarvoor te plaat nie, stuur net 'n e-pos aan [help@kruispad.net](mailto:help@kruispad.net). Alle korrespondensie sal natuurlik streng vertroulik hanteer word!



## • VERANDERING •

# THIS IS A LIE

If we just turn things upside down  
we can't know God and feel his presence  
I would be lying to you if I said that  
the Almighty wants to be your Father  
that God has a plan for your life  
that He wants to know you  
that you are wanted  
that you can be loved  
but you must know  
You do not deserve any of this  
And I am convinced of this  
because I know the heart of man  
we are forever separated from God  
I refuse to believe under any circumstance that  
we could be loved by God right now  
because of our dependency on Christ  
we have lost the connection to God but  
there are so much more that you don't know  
this is "the truth"  
God is holy and we are not  
You should know that exactly the opposite is true

# THIS IS THE TRUTH

Wil jy graag 'n bydrae instuur vir die volgende Kruispad-uitgawe? Stuur dit vir ons na [kreatief@kruispad.net](mailto:kreatief@kruispad.net). Dit kan enigiets wees – 'n gedig, artikel, foto, skildery, of wat dan ook al! Die redaksie wil graag jou gewes gebruik om God te eer! (Dus moet jou bydrae God-erend van aard wees.) Ons sien uit daarna om julle bydraes te ontvang!

'n Rubriek deur Edgar Trollip

**W**anneer mens aan 'n uitreik dink, dink jy jy pak jou tas en vertrek na een of ander ver, verlate of byna onbereikbare plek, gewoonlik met 'n vreemde kultuur of geloof. Met dié idee en goeie motiewe vat jy die pad om die evangelie daar te verkondig. Dit is als pragtig en wonderlik, maar soms is dit moeilik om die vakansie-atmosfeer en uitreik-mentaliteit met mekaar te versoen.

Almal wil wegkom. Waar het ons die idee gekry dat ek halfpad om die aarde moet gaan om iets vir God se koninkryk te doen? My oë is dikwels so blind vir die nood om my. Nou praat ek nie van vlamme en geweerskote nie, maar geestelike nood. Die behoefte vir evangelisasie is oorkant die pad, in ons eie huis, by die werk of skool.

Om uit te reik gaan oor mense. As daar mense is, kan daar uitgereik word. Ek weet van geen diere of plante wat al 'n uitreik onderneem het nie, kontak my, die SPCA of 'n sielkundige indien jy

weet van so 'n geval.

Moenie 'n fout maak nie, 'n uitreik het 'n spesiale plek in God se kerk. Ek hou daarvan om na die uitreik te kyk as 'n proses van saai en oes.

Op 'n uitreik bereik jy nie altyd iets nie. Die Prediker sê: "daar is 'n tyd om af te breek en 'n tyd om op te bou," (Prediker 3:3). Die doelwit van sommige uitreike is om 'n geestelike saadjie te plant. Dis gewoonlik hiër waar dit voel dat daar geen vooruitgang is nie, maar dis essensieel vir die oes. Sodra die saadjie geplant is, is geduld uiters belangrik. Die tydperk tussen saai en oes verskil egter van mens tot mens.

Die oes is altyd meer opwindend as die saai. Wanneer die arbeid vrugte afgewerp het, is daar 'n gevoel van oorwinning. Daarna volg die volgende saaiydperk, en hopelik het die arbeiders vermeerder.

Dit maak tog nie saak waarheen jy gaan nie, of hoe? Dis asof uitreikende Christene geneig is om te begin brag oor die plekke

waarheen hulle uitgereik het.

Die mense om ons is só honger daarvoor om God te ken en 'n verhouding met Hom te hê. Die vrugbare grond is tussen ons tone, maar ons kyk na die horison.

Jou gesindheid is dit wat werklik saak maak. Eintlik is ek die laaste een om te praat. Ek het reeds menigte uitreike op die kerfstok en ek kan myself afvra of my gesindheid altyd was om die eer vir die Here te gee. "Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was," (Filippense 2:5). God moet eers in jou werk voordat Hy deur jou kan werk.

'n Uitreik is 'n *step of faith*, maar dit hoef jou nie ure se beplanning of 'n hoop geld te kos nie. Dit vereis dat jy 'n stuk van jouself vir iemand anders moet gee. Uitreik is nie om ver weg te gaan nie. Uitreik is om die naamlose ou te leer ken wat al vir sewe jaar lank langs jou in die kerk sit. Dis om die bure oor te nooi vir 'n braai, en om die petrol-joggie te groet met 'n glimlag. "☺"

# DIE GEE-JAARS SE JULIE "VAKANSIE"



**T**erwyl die meeste van ons tydens Junie- en Juliemaand vakansie gehou het en sokker gekyk het, het die *Gee-jaar's* elkeen dié tyd op 'n besondere manier deurgebring.

## Hannes: Coca Cola Fan Fest, Nelspruit

Ek het tydens die Sokkerwêreldbeker op die *Coca Cola Fan Fest Park* in Nelspruit gewerk. Die eerste dag was onbeskryflik toe Bafana-Bafana uitgedraf het en later naelskraap 'n doel geskop het.

My take was om vlaggies uit te deel, te help met *fan* foto's en om *vuvuzelas* uit te deel as 'n *fan* 'n doel geskop het. Daar was ook 'n kompetisie waar ons gekyk het hoe bly *fans* is as daar 'n doel geskop word. As iemand gekies is, moes hy op die verhoog aan die res wys hoe 'n mens dit doen. Hierdie persone het 'n kans gestaan om 'n kaartjie na een van die wedstryde in Nelspruit te wen én hulle name het in die trekking gegaan om twee kaartjies na die finale in Johannesburg te wen.

Die ondervinding was heerlik, want ek was in 'n posisie om met die buitelandse mense te praat en te leer van hulle lande. Die finale was die beste en ek sal hierdie geleentheid wat ek gehad het vir niks ruil nie. Ek is innig dankbaar en wil dankie sê aan almal wat dit vir my moontlik gemaak het.

## Mari: Gee-jaar uitreik na Lusaka, Zambië.

Toe ons op 20 Junie 2010 vanaf OR Tambo Internasionale lughawe vertrek het, was dit vir van ons die eerste keer buite die grense van Suid-Afrika en vir ander die eerste keer in 'n vliegtuig. Van die oomblik wat ons in Lusaka geland het, het die mense by wie ons gebly het baie mooi na ons omgesien. Ons het in 'n township genaamd *Kaunda Square* gebly.

Ons het veral op die kinders gefokus en in die middag aktiwiteite by die kerk aangebied. Saam met die laerskoolkinders het ons liedjies gesing, die *kleur-Bybel* behandel, DVD's gekyk en speletjies gespeel. Die Hoërskoolkinders het sokker en vlugbal gespeel, en voor

elke wedstryd het ons met behulp van verskillende kleure balle die *kleur-Bybel* met hulle behandel.

Ons het amper elke oggend die dorp gaan verken en *taxi gery*. Ons het bekende winkels soos *Spar* gesien en in die markte gaan rondsnuffel. Ons het ook 'n dorpie genaamd *Kabwe*, so 140 km vanaf *Lusaka*, besoek. Dit was heeltemal 'n ander ervaring as in die dorp waar ons gebly het.

Ons het na 'n vreemde plek gegaan en nie eers geweet waar ons sou bly of wat ons sou doen nie. Ons het teruggekom en besef dat ons eintlik meer by die mense geleer het as wat ons hulle ooit sou kon leer.

## Christiaan: Mootkamp

Wat kan ek sê? "Is daar lewe voor die Moot en is daar lewe na die Moot?" As jy dié vrae wil beantwoord, moet jy eers weet wat op aarde die Mootkamp is.

Die kamp kry sy naam vanaf die plek waar dit oorspronklik gehou is, naamlik die Moot-area in Pretoria. Ek was bevoorreg om al 'n paar Mootkampe by te woon, en ek't baie meer gekry as wat ek verwag het! Op die kamp kan jy alles ervaar, pret hê en geestelike groei. Daar is Bybelstudies wat jou help met persoonlike probleme en probleme in die gemeenskap, en daar is heeltyd dominees, groepleiers en selfs jou Mootvriende waarby jy raad kan vra. Dis 'n kamp waar jy net jouself kan wees sonder om uit te voel of selfbewus te wees oor jouself en jou probleme, want die groot mikpunt van die kamp is geestelike groei (en glo my jy word vet gevoer!). Hier word jy deelgemaak van als maar daar is ook baie kans om inisiatief te neem en kreatief te wees!

Moot is Moot, die plek waar ek my beste vriende ontmoet het en ook myself en God gevind het! Ek kan dit net vir almal toewens om Moot toe te gaan en Moot te beleef!

PS. Ek het eers gedink Potch is die Dopperhemel, maar op die Mootkamp het hierdie opinie drasties verander! So, is daar lewe na die Moot? Ek sê Moot gee lewe vir na die Moot!

## Josef: Namibië-uitreik

Ek het saam met *Cachet-gemeente* op hulle *Namibië-uitreik* gegaan. Dit

**Mari, Christiaan, Hannes, Josef en Petrus (Gee-jaar's 2010)**

was 'n lekker ervaring om te hê in die sendingwêreld. Ons het met talle *San mense* gepraat oor die evangelie en Christus. Ons het elke dag by die kinders se skool geopen en saans afgesluit. Daar was ook 'n *Namibiese "Sakkie Spangenberg"* wat oor *Afrikagelowe* geredeneer het, oor belydenis wat 'n *cliché* geword het en dat daar nie progressie onder die gelowiges is nie.

Benoude ervarings wat ons gehad het, was dat een van ons wile op pad na *Namibië* gebars het en op pad terug het ons sonder *diesel* gaan staan. Die motor het lug gesluk so ons moes hom weer aan die gang stoot! Verder het een van die meisies vergeet om haar paspoort te laat stempel op die grens tussen *Botswana* en *Namibië*, maar gelukkig het niemand dit agter gekom nie!

Ek wil volgende jaar graag weer op die uitreik gaan om nie die kinders wat ek leer ken het teleur te stel nie. Ek dink, nee ek weet, die uitreik was 'n belegging en 'n belewenis wat ek nooit sal vergeet nie.

## Petrus: Pretoria

*On my visit to Pretoria, I encountered a man who's vision is that one should not be as concerned about one's self-image as much as to ignore others around him. I was then told: "One needs to find the shalom of a particular place. It is the peace that makes everybody happy."*

*I was transported to an organization, a small community named Bethlehem. This community organization ensures the housing and safety of a small group of people. This includes families too. And though it may seem that all is lost (the people), the project is turning out to be a great success. I also visited a regular size community that is very poor and we visited two food shelters. One that was active and one that was not active at that time. It was truly a shock to see people in such a great city that live in such conditions. And though it may seem sad, there are those who just don't try to help themselves live better, even in these conditions. I was shocked and saddened to see this and I will try my best to go out and spread the word, to try and get bigger organizations to help these small ones, and maybe be just one more drop in the ocean or one grain of salt in the food and not next to it. In doing so, I can make a difference. ☺☺☺*

# groepsdruk

Sarel Myburgh (GK Linden)

"Ek is nie mooi genoeg nie!" "Ek is nie maer genoeg nie!" "As ek daai zol rook, sal ek verseker deel wees van die gang!" "As ek ook dronk word, sal ek mos as een van die manne beskou word!" "Miskien respekteer hulle my as ek saam met hom slaap." "As ek saam vloek en skel, sal my baas my dalk ook saamnooi om gholft te gaan speel."

Hierdie is 'n paar voorbeelde van die worstelsituasies waarin jongmense hulself daagliks bevind. Miskien is jou situasie nie so ekstreem nie. Miskien is dit meer subtiel. Maar hierdie is die druk waaronder die meeste van ons elke dag leef. En dit as gevolg van die behoefte om aanvaar te word. Die algemene naam vir hierdie sosiale verskynsel is "groepsdruk". Dit is vandag nog 'n realiteit soos die ink op hierdie papier, en niemand is gevrywaar daarvan nie!

## DIE OORSPRONG: DIE BEHOEFTE OM TE BEHOORT ...

Elkeen van ons het 'n diep behoefte vir aanvaarding. Om aan 'n gemeenskap te behoort. Jou eie spesiale plek in die son te hê waar mense jou kan raaksien en waardeer. Dit is natuurlik. Ons lees in die skeppingsverhaal in Genesis 1:18 dat God self sê dat dit nie goed is dat die mens alleen is nie. Daarom skep hy die vrou. Die mens se gelyke, iemand om hom te help, 'n maat en vertroueling. 'n Plek waar die mens kan veilig voel. Oudergewoonte is die duiwel kort op God se hakke om chaos en vrees te saai. In hierdie geval, die vrees vir verwerping.

Ons sien hoe die vrees vir verwerping homself afspeel in die verhaal van Kain en Abel in Genesis 4. Kain maak sy broer dood omdat Abel se brandoffer vir God aanneemlik is, terwyl sy eie offer verwerp word. Dit is die vrees vir verwerping wat tot Kain se woedebui lei, en op Abel se dood uitloop.

God verstaan die mens se soeke na aanvaarding baie goed. Daarom gee Hy met die uittog uit Egipte 'n stel reëls aan sy kinders tot hulle eie voordeel. In Eksodus 23:2 gee God die volgende opdrag aan sy volk: "Jy mag nie agter die meerderheid aandoen wat verkeerd is nie." God weet dat sy kinders in tye van nood al te gewillig sal wees om hulle waardes te laat vaar sodat hulle aanvaarding of selfs aansien in die wêreld se oë kan kry.

## DIE KEUSE: BUIG OF BRAND ...

In Daniel 3 lees ons die verhaal van drie vriende in 'n moeilike situasie. Koning Nebukadnesar beveel alle volke, nasies, en taalgroepe om voor 'n goue beeld te buig. Wanneer die tyd kom om dié afgod te aanbid, weier Sadrag, Mesag en Abednego, en word hulle soos 'n Sondag-middagskaapboud in 'n oond gegooi. 'n Vuurroond wat so warm brand dat selfs die wagte wat naby die oond kom, doodskroei!

In die verhaal se dramatiese eindtoneel sien ons hoe God Hom ontfarm oor sy kinders en hulle van die vuurdood en uit die mag van die koning red. Jy sien, koning Nebukadnesar maak, net soos Goliat in 1 Samuel 17, 'n groot fout wanneer hy God se almag bevraagteken.

Hy vra in Daniel 3:15: "... en watter god sal julle dan uit my mag red?". Die vriende het nie eers nodig om die koning se vraag te antwoord nie. Wanneer hulle hier met groepsdruk gekonfronteer word, is hulle vertrou in God. Daarom kan hulle sê: "Hy [God] het die mag om ons te red uit die brandende oond, en Hy sal ons ook red uit u mag," (Daniel 3:17).

Later, in die Nuwe Testament, verduidelik Jesus aan sy dissipels dat hulle geloof nie sonder 'n koste is nie: "As iemand agter My aan wil kom,

moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg, want wie sy lewe wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe ter wille van My verloor, sal dit terugkry," (Matteus 16:24-25). Sadrag, Mesag en Abednego was bereid om hulle lewens te verloor. Hulle was, om die waarheid te sê, so naby daaraan soos die broek aan jou boud. Tog het God hierdie situasie vir hulle ten goede laat meewerk. En word sy naam daardeur verheerlik!

Wat sal jy kies wanneer die wêreld dreig om jou in die vuur te gooi. Gaan jy voor die afgod buig, of is jy bereid om te brand?

## JOU REAKSIE: VEG OF BLY WEG ...

Jy is nie alleen nie. Daar is miljoene Christen jongmense regoor die wêreld wat groepsdruk ervaar en onder die druk swig. Dit beteken nie ons moet mense of moeilike situasies vermy nie! God verstaan maar alte goed dat ons die stryd teen die versoekinge van die bose nie alleen sal kan weerstaan nie. Daarom gee hy aan ons die regte gereedskap om terug te veg. In Psalm 119:9 vra die Psalmdigter die volgende vraag: "Hoe kan 'n jongmens sy lewe skoon hou?" dan volg die antwoord: "Deur hom te hou aan u woord!". God se Woord is dus 'n baie belangrike instrument om ons staande te hou in moeilike tye.

Daarmee saam lewe die Heilige Gees in ons. Oor die Heilige Gees getuig Paulus soos volg: "Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing," (2 Timoteus 1:7). Hoor jy dit? Krag! Liefde! Selfbeheersing! Jy het alles wat jy moontlik sal nodig hê om groepsdruk te hanteer. Jy hoef nie terug te staan of weg te hardloop nie. Jy kan terugveg. Nie met jou vuiste of vuil woorde nie. Maar in liefde en met selfbeheersing.

Niemand is volmaak nie en ons almal maak foute. Ons lees dwarsdeur die Bybel van geloofshelde wat onder groepsdruk swig. Wanneer die diensmeisie volgens Matteus 26:69 vir Petrus herken as 'n volgeling van Jesus, ontken Petrus drie keer dat hy vir Jesus ken. As gevolg van sy vrees, gee Petrus in onder die druk van die groep. Tog bevestig Jesus in Matteus 16:18 die volgende aan Petrus, "En ek sê vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal ek my kerk bou." God se genade en liefde is groter as jou en my foute. Hy gee ons nog 'n kans.

## DIE UITDAGING: MEER BEK AS BINNEGOED ...

'n Munt het twee kante. So is daar ook 'n ander kant aan die "groepsdruk"-munt. Daar word onlangs vir my vertel van 'n 12-jarige seun wat sy Christenmaats by die skool uitgedaag het om saam met hom 'n gebedsgroep te begin. Hulle het weekliks bymekaar gekom om vir die skool te bid. Die uiteinde is dat daar nou 'n gevestigde gebedskamer by die skool is waar enige kind enige tyd kan gaan bid. Hierdie seun het nie net 'n jawbone wat baie kan praat nie. Hy het die backbone gehad en sy geloof het in dade oorgegaan. Wat het jy? Die jawbone of die backbone?

God wil elkeen van ons in ons onmiddellike omgewing gebruik om 'n positiewe verandering te bring. Die vraag is of jy bereid is om op te staan vir dit wat reg is? God gee ons die nodige gemoedsrus en versekering dat Hy ons altyd sal bystaan. Moses sê in sy laaste toespraak aan die volk: "Moenie bang wees nie, moenie vir hulle skrik nie, want die Here julle God gaan saam met julle. Hy sal julle nie in die steek laat nie, julle nie alleen laat nie," (Deuteronomium 31:6). Hierdie belofte is waar vir jou ook. Glo dit en staan sterk! «»





# PROFETE KOMPETISIE

Hennie van Wyk (GK Bloemhof)



**H**ierdie kompetisie is 'n lekker kopkrapper. Rangskik die profete in chronologiese volgorde! Die eerste twee korrekte inskrywings wat ons bereik, ontvang elkeen 'n CUM geskenkpakkie. Stuur jou naam, adres, ouderdom, en korrekte antwoorde voor 31 Julie 2011 per e-pos aan [interaksie@kruispad.net](mailto:interaksie@kruispad.net), of stuur dit per faks of slakpos aan die Kruispad-kantoor (ons besonderhede is op bladsy 2).

Scissors icon

1	
2	
3	
4	
5	
6	
7	
8	
9	
10	
11	
12	
13	
14	
15	
16	
17	
18	

Scissors icon

# lees en kyk



lees dit?

## Manne wat bemoedig – Skrifgeleerde

**Francine Rivers**  
ISBN 978-1-77000-466-5  
Christelike Uitgewersmaatskappy,  
2008

**JY** is dalk nou naby aan die einde van jou skoolloopbaan, of jy gaan volgende jaar met hoërskool begin en moet vakke kies wat definitief 'n groot invloed op jou toekoms gaan hê. Jy voel dalk verward, en wonder watter rigting jy moet inslaan. Soms is daar 'n groot verskil tussen dit wat jou hart en jou kop vir jou sê, en dan kom die groter vraag: Wat is my doel op aarde? Watter toekoms beplan die Here vir my?

Silas was 'n ryk man wat van kleins af 'n goeie opvoeding gehad het. Sy ouers was welgestel en hy het nooit iets kortgekom nie. Hy het besluit om sy diens aan die Here te wy, en het homself as 'n skrifgeleerde bekwaam (hy was baie tale magtig). Dit is presies wat hy in die lewe wou doen, dit was 'n belowende loopbaan en hy het nooit daarvoor getwyfel nie. Totdat hy eendag van Jesus gehoor het.

Silas was gefassineerd met hierdie man. In die begin het hy glad nie in Jesus geglo nie – hy was immers 'n skrifgeleerde, en Jesus het teen als gepreek wat die skrifgeleerders gedoen en gesê het – hulle het Hom as 'n valse profeet afgemaak! Silas was egter te nuuskierig, en was soms deel van die skare wat Jesus gevolg het, sodat hy kon hoor hoe Jesus preek. Alhoewel hy respek vir Jesus gehad het, het hy nog nie geglo dat Hy ook God is nie.

Silas kom eers na Jesus se kruisiging tot bekering, en het homself vreeslik kwalik geneem dat hy nie vir Jesus gevolg het toe Hy nog gelewe het nie. Hy het besef dat al sy geleerdheid, al sy geld, besittings en aansien nie meer vir hom veel werd is nie. Hy wou sy lewe verander, en het so, saam met die dissipels en die eerste gelowiges, deel van die geestelike binnekring geword. Hy was sekretaris van die vroeë kerk en ook die reisgenoot van prominente figure soos Paulus, Petrus en Lukas. Hy was 'n skrywer van sommige van die briewe wat Paulus en Petrus aan die gemeentes gerig het.

Francine Rivers neem ons op 'n interessante reis deur Silas as een van die Emmausgangers voor te stel, en volgens haar kon hy dalk die ryk jongman gewees het wat vir Jesus gevra het wat hy moet doen om die ewige lewe te beërwe. Sy maak hierdie afleiding omdat Silas vir Lukas geken het, en omdat die volgelingen van Emmaus slegs in die Lukas-evangelie aangetref word. Dit is ook slegs dié evangelie van Lukas wat na die ryk jongman verwys as "iemand uit die geleedere van die geestelike leiers". Ons ken nie die definitiewe feite nie, maar ons weet wel dat Silas van sy aardse besittings en status moes afsien en 'n lewe vir Christus gekies het.

Ek het die verhaal oor Silas vreeslik geniet, maar daar het 'n paar foute ingesluip by die afkapping van woorde op sommige bladsye. Dit is asof die redigering van die laaste boek te haastig afgehandel is. Nietemin, dit bly 'n oortuigende en roerende storie oor Silas en sy lewe saam met Petrus en Paulus.

Hierdie is die vyfde en laaste karakter in die reeks *Manne wat bemoedig* wat in die skadu van ander die ewigheid verander het. Dit bied 'n interessante blik op wie Silas kon gewees het, en word beslis aanbeveel vir enigiemand wat net 'n goeie storie wil lees, tot iemand wat hierdie karakter in diepte wil bestudeer.

## To Save a Life

**Regisseur: Brian Baugh**  
Samual Goldwyn Films,  
2009  
OB\*

\*Ouer begeleiding



Gaan besoek gerus [www.tosavealifemovie.com](http://www.tosavealifemovie.com). Die boek is ook in Afrikaans beskikbaar by jou plaaslike boekhandelaar.



kyk dit?



luister dit?

## Antimaterie

**Winterstasie**  
Brettian Productions,  
2009



**JAKE** Taylor het alles in die lewe. Hy is populêr op skool, het 'n mooi meisie, baie vriende en 'n basketbal-studie-beurs. Wanneer sy kinderjare-vriend 'n geweer skool toe bring en homself skiet, begin hy egter alles bevroegteken. Hy het niks gehad om voor te lewe nie, terwyl Jake alles het. Kon hy dalk Roger se lewe gered het? Al hierdie vrae het 'n invloed op sy lewe. Dit bring sy verhouding met sy meisie en sy vriende in gedrang en dinge by die huis is ook nie meer lekker nie. Is dit alles die moeite werd?

Ek was skepties om *To Save a Life* te kyk, want ek het gegink dit is net nog 'n Christelike film. Die meeste Christelike films word gekenmerk deur swak toneelspel, goedkoop produksie en 'n storielyn wat jou verveel. Dit is glad nie die geval hiermee nie. Die film het 'n hoë produksiewaarde, die storie gryp jou van die begin tot die einde aan en daar is professionele akteurs wat sommige Hollywoodsterre skaam sal laat kry.

Die regisseur, Brian Baugh, was voorheen filmoperateur (cinematographer) van *The Ultimate Gift*, en die skrywer is die jeugpastoor Jim Britts van die *New Song Community Church* in Kalifornië. Volgens Britts was hulle doel nie om 'n Christelike flik te maak nie, maar eerder 'n flik vir tieners wat nie noodwendig kerk toe gaan nie maar van flik hou. Die produk vind aanklank by beide die kerk-ganger en ook die kerklose.

Die akteurs het my verbaas. Randy Wayne vertolk sy rol as Jake goed en die transformasie wat die karakter onder-

gaan, gryp 'n mens aan. Alhoewel daar 'n paar afgeskepte tonele is wat 'n bietjie fake lyk, is die algemene gevoel een van topkwaliteit.

*To Save a Life* handel oor baie *issues*. Dit voel soms of daar 'n bietjie te veel is, asof die skrywer elke tiener *issue* wat daar is in een flik probeer inprop het. Tog is dit so gedoen dat alles goed saamvloei. Daar is *cutting*, voorhuwelike seks, tienerswangerskap, drankmisbruik, en die lys gaan aan. Dit alles loop uit op die hoofboodskap van die flik: dit maak nie saak wat jou situasie is nie, God het jou onvoorwaardelik lief en Hy gee altyd 'n uitkoms. Die probleme gaan nie noodwendig weg nie, maar jy gaan anders daarna kyk en jou lewe volgens sy wil begin leef.

Daar is geen laster in *To Save a Life* nie en dit is lekker om te sien dat Christene nie altyd in 'n slegte lig in fliks geplaas word nie. Daar word wel kru taal gebruik, maar dit is doelbewus deur die skrywer ingesit om die film meer realities te maak. Met al die *issues* wat behandel word, moet 'n mens besef dat daar dinge in die flik is wat jou kan skok.

*To Save a Life* is 'n Christelike flik wat uitstaan en sy plek kan inneem langs 'n Hollywood-flik. Ek het dit geniet. Dit laat 'n mens dink na die tyd en ook 'n bietjie selfondersoek doen. Is daar iemand in my lewe wat dalk iemand nodig het om mee te gesels? Hierdie is definitief 'n flik wat jy moet kyk.

8/10

Een gelukkige leser kan 'n kopie van *To save a life* wen. Al wat jy moet doen, is om die volgende maklike vraag te beantwoord: Wie is die skrywer van *To save a life*? Stuur jou antwoord saam met jou naam en adres aan [red@kruispad.net](mailto:red@kruispad.net).

die beter kant van wat die lewe bied", "vertrou op liefde", "volg jou droom en kyk na bo". Daar is ook in hulle lirieke iets van die moeilike dinge wat die lewe in jou pad gooi en wat oorkom moet word.

"Ons weet die Here maak ons wie ons is, en dat al ons hulp van Hom af kom. Ons moet ons hulp by Hom alleen soek en dankbaar wees daarvoor." Hierdie wete sien 'n mens in die gesindheid van die lede van die groep en in die belydenis: "volg jou droom en kyk na bo". Wanneer hulle dankie sê, is dit eerste aan die Here. Winterstasie straal 'n positiewe gesindheid uit, het *catchy tunes*, veilige lirieke en is lekker om na te luister. As jy nog nie 'n CD van die groep besit nie, stel ek voor dat jy nou dadelik een gaan kry, want dit is die luister werd.

7/10



Chantelle Tredoux (Kruispad-redaksie)

**O**ne Crown is 'n rock band vanuit Potchefstroom. Hulle lewe om musiek te maak en om Jesus se naam groot te maak in alles wat hulle doen. Daarby het hulle 'n passie om te sien hoe jongmense se lewens verander. One Crown bestaan uit Hendri Hofmeyr (*Rythm en Vox*), Lourens De Jongh (*Lead Electric*), Lambrecht Botha (Dromme), en Ryno Jansen (Baskitaar).

#### Waar en hoe het One Crown ontstaan?

Al vier die *band members* was in Potchefstroom Gimnasium. Dit is daar waar ons vriende geword het en ook daar waar ons ons passie vir musiek begin ontdek het. Ons het begin deur net nou en dan by ons kerk *worship* te lei en vandaar het dit gegroei tot waar ons vandag 'n *Full-Length* album en drie musiekvideo's op MK het.

#### Wat is die inspirasie agter julle nuwe album, *Grace*?

Die inspirasie was juis die naam van die album – *GRACE*! God se genade en die feit dat Jesus die volle prys vir ons sondes betaal het, het ons geïnspireer om die album te skryf. Dit is ook die boodskap van die album! Ons wou songs skryf met 'n boodskap van hoop en wat gegrond is op die waarheid van Jesus. Die Suid-Afrikaanse rock

scene het baie goeie *bands* maar hulle boodskap is baie keer negatief ... ons wil dit verander.

#### Wat sal julle sê is die grootste probleem met ons jeug vandag?

Ons dink nie daar is regtig 'n probleem met ons land se jeug nie. Die jeug van hierdie land is God se plan vir die toekoms! God glo aan die jeug van Suid Afrika, ons moet net saam met Hom begin glo!

#### Enige boodskappe of raad wat jy vandag vir jongmense kan gee?

Besef dat jy die oplossing is! Besef dat die *stuff* wat jou die meeste pla juis die *stuff* is wat jy moet oplos! Jesus roep JOU om 'n verskil te maak. Moenie wag vir jou *buddies* nie. Jy moet die leiding neem! Jy is God se plan om die wêreld te verander. Hy werk nie met 'n plan B nie!

**"Die jeug van hierdie land is God se plan vir die toekoms! God glo aan die jeug van Suid Afrika, ons moet net saam met Hom begin glo!"**

Een gelukkige *Kruispad*-leser kan 'n kopie van One Crown se nuwe CD, *Grace*, wen. Al wat jy moet doen om in aanmerking vir die prys te kom, is om hierdie maklike vragie te beantwoord: *Wat was die inspirasie agter One Crown se nuwe CD?* Stuur jou antwoord aan [red@kruispad.net](mailto:red@kruispad.net) saam met jou naam en van, posadres en kontaknommer.

#### Wat is julle *favourite* liedjie en waarom?

Elke ou het sy eie *favourite* song maar as ons een moet uitsonder, sal dit *LIG* wees. *LIG* gaan oor Matteus 5:16 wat sê dat ons ons lig moet laat skyn in hierdie donker wêreld so dat mense Jesus in ons kan raaksien.

#### Watter boodskap wil julle deur julle musiek uitdra?

Christenskap is nie net 'n geloof nie, maar 'n manier van lewe ... en dat jy vir die eerste keer regtig begin lewe wanneer jy kies om vir Jesus te leef! Baie van ons lewe met die leuen dat wanneer jy vir Jesus kies, word alles sleg. Ons probeer om die teendeel te bewys. Ons wil wys dat die lewe begin wanneer jy vir Jesus kies!

#### Wat is julle toekomsvisie, en waar sien julle juis oor tien jaar?

Ons toekomsvisie is om aan te hou groei as musikante en om elke dag meer en meer te groei in ons verhouding met God. Oor tien jaar sien ons onself doen wat ons nou doen. Hopelik is ons dan bietjie beter as nou! Ons wil oor tien jaar nog steeds sien hoe mense se lewens radikaal verander deur die waarheid van Jesus! En ... hopelik is ons almal oor tien jaar getroud ☺

#### Hoe lyk 'n tipiese dag in die lewe(ns) van One Crown?

Wanneer ons nie op toer is nie, is als maar redelik normaal. Ons almal het *flexible day jobs* so ons werk maar so bietjie. Wanneer ons egter op toer is, is daar nie iets soos 'n tipiese dag nie. Alle vorme van roetine verwyn! Ons staan 12uur op, gaan slaap 3uur die oggend, eet net *take-aways*, ry ver ... al daai leke dinge!

#### Favourite plek waar julle al opgetree het, en hoekom?

Ons het al op baie lekker plekke opgetree van Johannesburg en Pretoria tot in Botswana, maar die wenner moet die wonderlike

dorpie KATHU wees! Die mense van Kathu dra jou op die hande! Ons het nog nooit so baie geëet in ons lewens nie. Die mense daar is regtig *amazing*, maar moet net nie alleen loop daar nie want die son gaan vir jou seer maak!

#### Watter raad het julle vir 'n jeugband wat 'n CD wil uitgee?

Doen dit net! As jy iets regtig graag wil hê, is daar niks wat in jou pad kan staan nie. Glo aan juis en vertrou op God, die res sal vanself in plek val! Toets net altyd eers jou motiewe. As dit gaan oor jou eie koninkryk, gaan dit maar moeilik gaan!

#### Enige projekte in die pyplyn?

Kom luister na ons by Aardklop! Ons behoort teen middel volgende jaar 'n nuwe album uit te bring en daar is nog 'n hele paar musiekvideo's wat die lig gaan sien voor die nuwe album uitkom! Ons beplan ook om 'n One Crown span in te skryf by volgende jaar se Argus fietstoer. Ons is amper daar ... kort nog net die fietse! "f"



### DIS HOE DIT IS ...

#### Wie slaap die laatste?

Ryno. Hy het sy eerste 10 km draf wedloop gedoen op die ouderdom van tien en nooit weer *recover* nie!

#### Wie kry die meeste telefoonnummers?

Hendri, maar hy gebruik hulle nie!

#### Wie vra vir die meeste telefoonnummers?

Ons het ons trots ...

#### Wie het die meeste Facebook friends?

Hendri.

#### Wie gebruik die meeste gel?

Hendri.

#### Wie was die skottelgoed?

Niemand!

#### Wie het die kortste humeur?

Ons is almal redelik kalm.

#### Wie sukkel om binne die spoedgrens te bly?

Lambrecht. Dis 'n belewenis om saam hom iewers heen te ry en dis baie goed vir jou geloof ... jy bid die hele pad lank!

#### Wie is die Hoofseun?

Lourens!

#### Wie wil graag die Hoofseun wees?

Lourens, dit is hoekom hy die hoofseun is.

## Idasvallei uitreik 2010 COREEN ROBBERTZE

SOWAT 15 Gereformeerde studente van Stellenbosch het ons Junievakansie op 'n goeie noot afgeskop deur vanaf 1-5 Junie op 'n uitreik te gaan in die gemeenskap van Idasvallei, net buitekant Stellenbosch. Ons het gewerk saam met 'n groep van die gemeenskap self (wat verbonde is aan 'n klein gemeente in Idasvallei). Dit was wonderlik om saam met hulle na die res van die gemeenskap uit te reik, aangesien hulle die mense en hulle gewoontes baie goed ken en verstaan.

Soggens het ons by die huise omgegaan en met die mense gesels oor hulle nood en hulle verhouding met God. As hulpmiddels het ons plakate en die woordlose boekie gebruik om die evangelie aan hulle te verduidelik. Oor die algemeen was die mense baie ontvanklik. Soos wat ons huisbesoek gedoen het, het ons ook die nood by elke huis probeer bepaal om te sien hoe ons kan help. In die middag het ons fokus geskuif na die skoolkinders wat gewoonlik in die parkie oorkant die huise speel. Ons balvaardighede is op die proef gestel met die klomp kinders se ywer vir bietjie pret. Die middag is afgesluit met 'n paar liedjies saam met die kinders. Ons het vir hulle die woordlose boekie verduidelik en saam met hulle gebid. Die laaste dag van ons uitreik was die hoogtepunt. Ons was die hele Saterdag in die parkie besig met speletjies, poppekas en opvoerings vir die kinders.

Ons kon ook 'n bietjie nood probeer verlig deur 'n kospakkie te gee vir elk van die huise wat ons besoek het. Vir huise wat op 'n nat gedeelte langs 'n rivier geleë is, kon ons ook komberse gee. Die Gereformeerde gemeente van Stellenbosch het ons baie ondersteun in hierdie uitreik deur vir ons span heerlike etes te verskaf en donasies te gee om die kospakkies en komberse aan te koop.

Vir ons as studente was dit 'n wonderlike ervaring om verhoudings te kon bou met die kindertjies en te kon voel dat ons 'n verskil gemaak het. Ons het ook baie geleer en gemakliker geraak om die evangelie met ander mense te deel. Op so 'n uitreik besef mens hoe baie jy het om voor dankbaar te wees en hoe groot die nood en honger is vir die evangelie onder mense by wie jy so maklik verbyloop.

## PRETORIA MONTANAPOORT – DOPPER-TJOPPER KAMP 2010 DOPPER-TJOPPER BESTUUR

DIT was 'n jam packed naweek. Daar was nie eers vyf minute om katterkwaad aan te vang nie.

Ons het Vrydagmiddag gaan wild kyk, lekker kerrie en rys geëet en toe was dit tyd vir die eerste "lesing". Oom Albie het ons bietjie laat kopkrap oor ons toekoms, ons sterkpunte en ons swakpunte. Die aand is afgesluit om 'n groot bosvuur – ons het probeer stilbly om die nageluide te hoor – maar nou ja ...

Saterdag was gevul met spanbou aktiwiteite en die "Stormers" het vir "ABBA" aangevat. Daar was spanbou-items wat ons stomgeslaan het, en ons kon nie besluit wie nou eintlik die beplanners, denkers of die doeners is nie. Ons het ons skills gewys met boogskiet, paintball-target practise, en ons vertrou is getoets met Quad Bike ry – geblinddoek ...

Na die oggend se aktiwiteite het daar 'n verrassing gewag. Ons het gaan exfoliate met 'n bietjie mudcrawling – nie eers ons ma's sou ons herken het nie. Ons het darem in die dam gaan afspoel, so tussen die swem en foofy deur. Min het almal geweet wat die aand vir ons voorlê – 'n nagmars met 'n twist. Dit was 'n nagmars, spookstorie en skattejag in een. Vra maar vir dié wat geblinddoek in 'n kamer gesit is, moes ontsnap en toe "liggaamsdele" moes soek om terug te kom by die kamp. Wat het nou weer met die arme ou gebeur?!

Dit was 'n onvergeetlike, AWESOME naweek!

Indien daar binnekort 'n kamp of ander geleentheid in jou omgewing plaasvind en jy dit graag met ander Kruispad-lesers wil deel, stuur gerus 'n e-pos aan [interaksie@kruispad.net](mailto:interaksie@kruispad.net).

## Sêjousê: Watter movies/series mag 'n Christen nie kyk nie?

DIE meeste van ons het 'n TV in ons huise en dit is 'n algemene tydverdryf om movies en series te kyk. Jy kan enigiets van *Desperate Housewives*, *CSI* en *Fringe* tot *Friends*, *How I met Your Mother* en *Glee* enige aand van die week kyk. Almal wil so gou as moontlik by die cinemas uitkom om die nuutste fliek te sien waarvā almal praat, of dit nou *Avatar*, *Bakgat 2* of die nuwe fliek in die *Twilight*-reeks is. Maar is dit goed om enigiets te kyk? Is daar flieks wat 'n Christen eerder nie moet kyk nie? Kruispad het 'n paar jongmense gaan vra:

### NICOLA

Enige fliek met towery in is volgens my verkeerd. Net God het die krag om wonders te doen en net Hy kan oor lewe en dood beskik.

### SUNÉ

Ek dink flieks en series wat vrye seks verkondig, is verkeerd.

### ANDRIES

Deesdae het elke fliek omtrent seks in. Dit laat 'n mens wonder of mense dan instinktiewe diere is wat net aan voortplanting en hul eie plesier kan dink en aanhoudend vergeet van die "dinge wat daar Bo is".

### PIETER

Dit is moeilik om te sê wat presies verkeerd is, maar ek dink wel pornografiese flieks en flieks of series wat baie laster, is verkeerd. Soms moet 'n mens egter onthou dat iets net fantasie is, maar dan moet jy ook baie hard daaraan werk om nie toe te laat dat dit jou van die werklikheid van God se liefde af wegtrek nie.

### HANNES

Volgens my is dit nie goed om flieks te kyk met baie geweld nie, want geweld is nie reg in God se oë nie. Die Bybel verkondig tog liefde en daarom is dit sonde om iemand dood te maak. En as ons flieks kyk waarin daar gedurig geweld is, gaan ons afgestomp raak en begin dink geweld is maar oukei.

### ELRIKA

Dit is partykeer vir my moeilik om te sê presies wat verkeerd is en wat nie, maar ek stem saam dat eksplisiete seks, godslastering en te veel geweld verkeerd is. Partykeer kyk 'n mens 'n fliek wat uiteindelik 'n goeie boodskap het al is daar geweld in. En ander kere kyk 'n mens 'n historiese fliek wat tog eintlik net dinge weergee wat regtig gebeur het en jou laat dink oor die ontwikkeling van die mensdom. Dan raak dit moeilik om te sê jy mag dit nie kyk nie.



# KLASSIS BOLAND HOËRSKOOLOLKAMP 2010

Jou geloofsrevolusie  
**UNDERGROUND LOCKUP**

Daar is net plek vir **100!!**  
SAL JY DIT MAAK?

**JA**, as jy dadelik inskryf vir hierdie  
GEBEURTENIS VAN DIE JAAR!

#### DINK NET:


100 gelowige meisies en seuns, 10 groepleiers vir 5 dae in die Kogelberge, inspirerende toerusting, hope Pret, saamsing, paartjie van die dag, TV Nuus, wonderlike geloofsgroei...

**WIE:** Alle hoërskooltienaers (graad 8-12)

**WANNEER:** 10 - 16 Desember 2010

**WAAR:** In die Kogelberge naby Grabouw

**WAT KOS DIT:** R550 per persoon



**WIL JY GAAN?**

Stuur 'n e-pos aan Henning Venter

by [hv.venter@telkomsa.net](mailto:hv.venter@telkomsa.net) of skakel

021 919 0705